# HOOFSTUK 5
# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

### *5.1.1 Doel en fokus van hoofstuk*

Wetenskap word onderneem om uit te vind (*finding out),* of om kennis te verbreed, ontdekkings te maak en feite te verkry (Babbie & Mouton 2001:72; Heppner et al. 1982:80 - aangehaal deur Fouché & Delport 2002:77). Die doel van hierdie hoofstuk is om deur veldnavorsing empiriese gegewens oor die navorsingsprobleem te bekom waaraan ons die werkshipotese in hoofstuk 1 (paragraaf 1.4) kan toets. Hiervoor is ‘n navorsingsontwerp nodig. Die doel van die navorsingsontwerp is om die ondersoek so te beplan en te struktureer dat dit die uiteindelike geldigheid van die navorsingsbevindinge sal verhoog (Marais en Mouton 1992:35). Die navorsingsontwerp van die studie kom vervolgens ter sprake.

## 5.2 DIE NAVORSINGSONTWERP

### *5.2.1 Metode van ondersoek*

Die navorsingsmetodologie van die sosiale wetenskappe onderskei tussen *kwalitatiewe* en *kwantitatiewe* navorsing (Mason 2002:8). My navorsing oor *leierskapontwikkeling in klein landelike gemeentes van die VGKSA* is ‘n prakties-teologiese studie waarvoor ek *kwalitatiewe navorsingsmetodes* gaan gebruik. Die navorsingsprobleem word ondersoek aan die hand van die teorie-praxisverhouding vanuit die handelingswetenskaplike benadering tot die praktiese teologie.

### *5.2.2 Metode van data-insameling*

In veldnavorsing word gebruik gemaak van verskillende metodes van data-insameling[1] soos

1. Mason (2002:52) verkies die begrip data-‘generering’ omdat navorsers in die sosiale werklikheid nooit neutrale insamelaars van inligting kan wees nie, maar altyd aktief besig is om vanuit ‘n gekose epistemologie met die gebruik van hul navorsingmetodes kennis te konstrueer oor die wêreld rondom hulle. Data-insameling gaan nie net oor bestaande kennis nie, maar om uit databronne kennis te genereer en voort te bring.

deelnemende waarneming, onderhoudvoering en vraelyste (Dreyer 1992:359; 369; Baker 1994:111). Omdat onderhoud-voering die algemeen erkende vorm van kwalitatiewe navorsing is, gaan ek 'n gestruktureerde onderhoudskedule[2] (*bylae 5*) gebruik vir die ondersoek na *leierskapontwikkeling in klein landelike gemeentes van die VGKSA.* My oogmerk met die gestruktureerde onderhoudskedule is om die respondente se *kennis, menings, verstaan en interpretasies* asook *ervaringe* van die navorsingsprobleem in te win (Mason 2002:63).

Die onderhoudskedule is in beide Afrikaans en Engels opgestel, want Engels is die voertaal van die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal (Louw 2004), maar daar is diegene wat verkies om hulself op Afrikaans uit te druk. Uit die voorondersoek het ek alreeds 'n aanduiding gehad van die faktore wat moontlik 'n rol by die navorsingsverskynsel kon speel (Dreyer 1992:373). Die vrae van die onderhoudskedule is vooraf opgestel (Greeff 2002:302).

### *5.2.3 Steekproefneming*

Steek proefneming is belangrik in kwalitatiewe navorsing, want dit verwys na die proses waardeur 'n gedeelte van die navorsingspopulasie as verteenwoordigend van die hele populasie gekies word. Volgens Dreyer (1992:346) verloop steek proefneming prosesmatig. Hierdie proses kom vervolgens aan die beurt.

#### *5.2.3.1 Identifikasie van steekproefeenhede*

In hierdie studie is indiwidue (*pastores* en *ouderlinge as gemeenteleiers*) die steekproefeenhede (Mason 1996:11, 12; Mouton & Marais 1992:42). Die fokus van die empiriese ondersoek na die navorsingsvraag en navorsingsprobleem is tweeledig:

1. 'n Aantal *ouderlinge as gemeenteleiers* van die vier gemeentes wat ek bedien (Ekangala, Merlindale, Ogies en Witbank-Schoongezich) word in die

2. Daar word hierna ook verwys as die gestandardiseerde of formele ondersoek (Dreyer 1992:372).

steekproef ingesluit. Dit is weens hul eerstehandse kennis van ‘n vakantskap se problematiek. Ek sluit om twee redes ook ouderlinge in uit vier ander gemeentes. Dit word enersyds gedoen as ‘n *alternatiewe respons* om hul menings te hoor oor die navorsingsprobleem, maar andersyds wil ek daardeur ook ‘n geografiese verspreiding in die steekproef inbou.

2. Uit verskeie gemeentes in die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal word ‘n aantal *predikante* in die steekproef opgeneem. Dit is weens hul geografiese verspreiding, asook hul insig en praktykervaring van die navorsings-probleem.

#### *5.2.3.2 Omskrywing van steekproefeenhede*

Die steekproefeenhede sal uit twee homogene groepe - *ouderlinge as gemeenteleiers* en *predikante* - bestaan. Uiteraard is predikante ook gemeenteleiers. Tog vind ek dit nodig om die populasie te stratifiseer en die gemeenteleiers en predikante as homogene groepe te beskou weens die besondere bydrae wat elke groep tot die ondersoek kan lewer. Die samestelling van die gestruktureerde onderhoudskedule word in paragraaf 5.3 bespreek.
In alle kerklike tradisies is daar die een of ander vorm van kerklike leiding of ampsdraers wat ons Bybels kan fundeer. Alhoewel die term *amp* nie in die Bybel voorkom nie, het dit kort na die vestiging van die kerk gemeengoed in die kerktaal geword. Deur die een of ander kerklike rite (soos ampsbevestiging, ordening of inseëning) word gemeentes verdeel in ampsdraers en gewone lidmate as twee onderskeidende groepe (Heyns 1992a:351). Dit lei dikwels tot die ’klerikalisering van die ampte’ waar die gemeente verklein word tot dit wat ‘n pastor en sy helpers kan doen (Nel 1994:52).

As neerslag van haar gereformeerde erfenis werk die VGKSA met ‘n vaste drie-amptestruktuur waarin die besondere ampte van *lerende ouderling* (leraar en evangelis), *regerende ouderling* en *diaken* onderskei word (Bepaling 15, Kerkorde vir Noord-Transvaal 1999). Oor die regering van die gemeente lui artikel 7 van die Algemene Kerkorde van die VGKSA só:

> Jesus Christus regeer die gemeente deur sy Woord en Gees deur die ampte. Omdat die amp van gelowige die basis van alle ander ampte vorm, kies die gemeente self uit eie geledere van belydende lidmate ouderlinge en diakens om 'n kerkraad te vorm. Aan hierdie kerkraad word die regering, opsig en die tug oor die gemeente en die leiding ten opsigte van die verskillende dienswerke in die gemeente toevertrou.

Vir die doel van hierdie studie word net die *regerende ouderlinge* as *gemeenteleiers* beskou. Die motivering van my keuse lê daarin dat die ouderlinge in die afwesigheid van pastores moet toesien dat die gemeente pastoraal versorg word. Dit sluit ook prediking in.

Reglement 1.1.1 van die VGKSA se Algemene Kerkorde 1997 bepaal dat gelegitimeerdes wat na 'n gemeente beroep en daarin bevestig is, is predikante of bedienaars van die Woord. Volgens bepaling 15.1 van die VGKSA se Kerkorde van Noord-Transvaal 1999 word die amp van *lerende ouderling* omskryf as *leraar én evangelis*. Dit was nie altyd die geval nie. In die verlede is daar in die NGKA en NGSK as voorlopers van die VGKSA skerp onderskei tussen die twee. Daardeur is die evangelis gesien as 'n gewone dog kundige lidmaat met die status van 'n ouderling in die plaaslike gemeente. Hy kon die Woord bedien, maar nie die sakrament nie. Dit het van hom 'n *halwe* en *goedkoop* leraar gemaak (Kritzinger 1979:23, 32). Later het die posisie verander en is evangeliste ook toegelaat om die sakramente te bedien.

Vir die doel van hierdie studie word 'n predikant gesien as 'n *geordende leraar* van die kerk wat in 'n gemeente bevestig is, of wat as gemeenteleraar afgetree het. Die uitsluiting van evangeliste is nie omdat ek hulle as 'halwe' predikante sien nie, maar weens die uiteindelike uitfasering van dié besondere amp in die VGKSA. In die subpopulasie van predikante het ek in die steekproef wel vyf evangeliste ingesluit wat, na voltooiing van hul leraarsopleiding, as gemeentepredikante georden en bevestig is.

#### *5.2.3.3 Spesifiseer die steekproefpopulasie*

Die steekproef se populasie bestaan uit *ouderlinge as gemeenteleiers* en *predikante* as twee homogene groepe wat ek in twee onderling uitsluitende subpopulasies of strata verdeel (Dreyer 1992:341; Baker 1994:153). Hierdie indeling kan as 'n bepaalde denkskema oor die bediening[3] beskou word waar ek onderskei tussen predikante en ouderlinge as gemeenteleiers op grond van status en belangrikheid. Van só 'n denkskema is ek nie 'n voorstander nie, maar onderskryf die standpunt van 'n omvattende bediening wat die hele gemeente insluit en wat op *diens* fokus. Ek sluit dus aan by Nel (1994: 52) waar hy pleks van *ampte* die woord *diensleiers* gebruik om by die ampte 'n nuwe bewussyn te kweek dat hulle *leiers in diens is*.

### 5.2.3.4 Steekproefnemingsprosedure

Die steekproefnemingsprosedure sal in die studie só verloop. Uit die subpopulasies van ouderlinge en predikante sal ek 'n gestratifiseerde ewekansige steekproefneming trek om 'n verteenwoordigende steek-proef van beide ouderlinge en pastores daar te stel. Omdat ek vertroud is met die samestellings van albei subpopulasies word geslag, ouderdom en skolastiese kwalifikasies by ouderlinge as veranderlikes in ag geneem. By predikante is die veranderlikes ouderdom, bedienings-ervaring, kennis van die navorsingsprobleem, asook geografiese verspreiding binne die gebiedsinode (Dreyer 1992:357). Waar ek in die steekproef twee emeriti van die VGKSA insluit, is dit weens hul kennis en insig in die bedieningsproblematiek eie aan klein gemeents, of groot gemeentes wat op die platteland lê wat wykskerke moet bedien.

### 5.2.3.5 Grootte van steekproef

---

3. Die begrip *bediening* is in hoofstuk 2 (paragraaf 2.2) behandel. Alhoewel die Gereformeerde teologie ampsdraers en lidmate op dieselfde lyn plaas (Heyns 1992:354), word die *bediening* hoofsaaklik gereserveer vir die predikant as bedienaar van die Woord. Hierdie foutiewe gedagte wat uit die kerklike tradisie opkom maak dan 'n onderskeid tussen leraars (geordendes) en leke (onkundiges, oningeligtes). Só word die bediening verskraal tot 'n klein groepie mense wat die res (die leke) bedien. In hierdie denkskema word ouderlinge en diakens ook as leke beskou. Alhoewel daar nie 'n rangorde is nie, word daar tog tussen leraars met 'n bediening en die leke onderskei op grond van belangrikheid en status (Kritzinger 1979:8).

Die subpopulasie van ***ouderlinge as gemeenteleiers*** bestaan uit 107 dienende ouderlinge uit nege gemeentes wat so daar uitsien:

| | |
|---|---|
| ***Ekangala*** | 11 ouderlinge |
| ***Hlanganani*** | 36 ouderlinge |
| ***Mamelodi-Noord*** | 24 ouderlinge |
| ***Merlindale*** | 04 ouderlinge |
| ***Middelburg-Nasaret*** | 06 ouderlinge |
| ***Nhlazatshe*** | 06 ouderlinge |
| ***Ogies*** | 06 ouderlinge |
| ***Rustenburg-Karlienpark*** | 08 ouderlinge |
| ***Witbank-Schoongezicht*** | 06 ouderlinge |

Uit hierdie subpopulasie van ouderlinge as gemeenteleiers het ek ‘n steekproef getrek van 16 steekproefeenhede wat verteenwoordigend is van (a)*klein gemeentes* op die platteland; (b) klein gemeentes in stedelike of dorpsgebiede; en (c) groter gemeentes met *wykskerke* wat soortgelyke probleme as klein gemeentes ervaar. ‘n Ouderling van ‘n *stadsgemeente* is in die steekproef ingesluit as ‘n *vergelykende respons* vir die mate waarin daar identifikasie is met die problematiek waarmee klein gemeentes van die VGKSA op die platteland worstel. In die trek van die steekproef het ek geslag, ouderdom en opvoedkundige vlak as veranderlikes in ag geneem wat wissel van standerd 2 tot ‘n respondent met ‘n honneursbaccalaureus (Mouton 1994:145).

Die subpopulasie van **predikante** bestaan uit 96 predikante in die gebiedsinode. Ek gaan ‘n teoretiese steekproefneming gebruik (Dreyer 1992:343) vir die trek van sestien predikante as steekproefeenhede op grond van hulle insig en praktykervaring van die navorsingsprobleem, asook hul verspreiding deur die gebiedsinode.

Die steekproefeenhede sal verteenwoordigend wees van klein landelike gemeentes, of gemeentes digby ‘n stad, asook van groot landelike gemeentes met wykskerke wat in wese

dikwels as *klein gemeentes* funksioneer. Vir dié doel is gemeentes by die ondersoek betrek soos Kranspoort en Pietersburg (Polokwane) in die noorde, Saulspoort-Oos en Rustenburg-Tlhabane in die weste, Makapanstad, Warmbad, Lepelle en Hlanganani as min of meer sentraal geleë gemeentes, Ohrigstad in die noord-ooste, asook Nhlazatshe (wat aan Swaziland grens) in die suidooste van die gebiedsinode. Deur die trek van die steekproef is daar so ver moontlik gepoog om 'n geografiese verspreiding oor die hele sinodale gebied te verseker.

In die steekproef het ek 'n predikant ingesluit wat tans 'n stads-gemeente bedien. Omdat hy op die platteland grootgebring is en hy ook sy bediening in die VGKSA daar begin het, het ek hom vir 'n spesifieke rede by die steekproef ingesluit. Hy moes vir my 'n alternatiewe respons wees om te bepaal tot watter mate 'n stadsgemeente dieselfde of soortgelyke probleme as landelike gemeentes ervaar.

Omdat daar een vrouepredikant in die gebiedsinode is, is sy as leraar van Makapanstad ook in die steekproef ingesluit. Daar is op die oomblik geen dienende bruin leraar in die sinodale gebied nie. Om hierdie rede is ds J A Beukes van die gemeente Rustenburg-Karlienpark in die steek-proef ingesluit. Ds Beukes het in sy bediening van 18 jaar die gemeentes Rustenburg-Karlienpark en Brits as voormalige gemeentes van die NGSK bedien. Hy bedien tans die gemeente Rustenburg-Karlienpark as emeritusleraar op 'n kontrak wat jaarliks hernu word. Verder is ds Beukes ook in terme van artikel 6 van die NGSK se Kerkorde van 1986 op grond van *singuliere gawes* tot die bediening toegelaat. Die steekproefeenhede van predikante bestaan uit wisselende akademiese agtergronde, ouderdomme en bedieningservaringe.

## 5.3 GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE (GOS)

### *5.3.1 Samestelling van onderhoudskedule*

Vir die insameling van data is 'n gestruktureerde onderhoudskedule (bylae 5a) gebruik. Omdat talle respondente Engels as kommunikasie-medium verkies, is die gestruktureerde onderhoudskedule in Engels omgesit as *structured interviewing schedule* (bylae 5b). Die

onderhoud-skedule bestaan uit vyf afdelings (A tot E) soos hierna uiteengesit.

1. **Afdeling A**
   Demografiese besonderhede van leraars.
2. **Afdeling B**
   Demografiese besonderhede van ouderlinge as plaaslike gemeenteleiers.
3. **Afdeling C**
   Data-insameling oor sake eie aan pastores.
4. **Afdeling D**
   Data-insameling by PASTORES oor sake van algemene belang met ouderlinge as gemeenteleiers.
5. **Afdeling E**
   Data-insameling by OUDERLINGE as plaaslike gemeente-leiers oor sake van gemeenskaplike belang met pastores.

### *5.3.2 Aanwendingsmetodiek*

Omdat ek as predikant ten nouste betrokke is by die navorsings-probleem, is ek ook 'n deelnemende waarnemer in die ondersoek (Strydom 2002:280), maar die empiriese ondersoek se meetinstrument is die gestruktureerde onderhoudskedule. In elke onderhoud is die presiese vraagbewoording en vraagvolgorde gebruik. Onderhoude is mondelings met elke respondent afgeneem (Dreyer 1992:372). Waar respondente hul antwoorde wou motiveer of verduidelik, is daardie motiverings en verduidelikings dadelik naas die betrokke vraag neergeskryf (Greeff 2002:304).

Omdat sommige respondente (ouderlinge) oor lae skoolkwalifikasies beskik, het ek as volg te werk gegaan om die vrae aan hulle te verduidelik.

1. Om die verskil tussen 'n herder-kuddemodel en die liggaam van Christus-model te verstaan. het ek 'n drietal sketse gebruik. (Kyk bylae 6)
2. Moeilike begrippe is aan die hand van eenvoudige en verstaanbare alledaagse voorbeelde verduidelik. Om die begrip *organisering* of *inrigting* by dié respondente tuis te bring, sou ek verwys na die huis waarin ons sit. Die kleinste

woonhuis bestaan uit verskillende vertrekke wat ons vir verskillende doeleindes gebruik.

3. As verduideliking vir die begrip *bestuur* het ek op drie aspekte gefokus, naamlik *beplanning*, die *uitvoering van die plan*, en *kontrole* as die seker maak dat die plan wel uitgevoer is.

4. Vir die oordra van die begrip *kommunikasie* het ek die basiese elemente van *sender, boodskap* en *ontvanger* gebruik en daarop gewys dat daar tussen die sender en die ontvanger steurnisse mag plaasvind wat maak dat die boodskap nie duidelik gehoor word nie.

5. Waar respondente moes kies tussen *onbelangrik, belangrik* en *noodsaaklik* het ek as voorbeeld 'n kombuis geneem. In die meeste huise was daar 'n *televisie* in die voorhuis. Op my vraag waarom dit dan nie in die kombuis staan nie, sou die antwoord wees omdat dit nie daar hoort nie. My tweede beeld sou 'n *stoompot* wees. Die respondent sou dan uitwys dat 'n stoompot 'n *'nice-to-have'* is, en *belangrik* in die kombuis is, maar glad nie noodsaaklik is om kos te kook nie. Respondente het wel 'n *stoof* as noodsaaklik uitgewys om kos te kan kook. In hul antwoorde sou respondente dan sê of iets 'n *televisie, 'n stoompot* of 'n *stoof* is.

6. 'n Onderhoud met hierdie respondente het dikwels twee ure of selfs langer geneem, maar dit was om twee redes die moeite werd om hul opinies te hoor, want

   a. by ongeletterdes en laaggeskooldes is daar praktiese wysheid wat ons nie mag miskyk of ontken nie; en

   b. aan hierdie respondente is 'n boodskap deurgegee dat hulle opinies ook vir die *'kerk'* belangrik is, want as mense en as kerklidmate word hulle hoog geag terwyl ons ook hul menswaardigheid volledig erken.

### *5.3.3 Datagroepering van empiriese studie se bevindinge*

Die ondersoekresultaat van die gestruktureerde onderhoud-skedule se vyf afdelings word as volg aangebied:

1. Die ***ooreenstemmende demografiese besonderhede*** in **afdeling A** (leraars) en **afdeling B** (ouderlinge) word saam in paragraaf 5.4.1 aangebied.
2. **Demografiese inligting eie aan pastores** uit afdeling A, asook **demografiese inligting eie aan ouderlinge** uit afdeling B word in paragrawe 5.4.2 en 5.4.3 afsonderlik aangebied.
3. Die ingesamelde data van **afdeling C** (sake eiesoortig aan pastores) word in paragraaf 5.4.4 as 'n aparte eenheid aangebied.
4. **Afdeling D** (leraars) en **afdeling E** (ouderlinge as gemeente-leiers)van die gestruktureerde onderhoudskedule bestaan uit dieselfde 25 vrae wat aan alle respondente van die twee steekproefeenhede (leraars en ouderlinge) gevra is. Dit word in paragraaf 5.4.5 saam aangebied.

Deur die ondersoekresultaat van **afdelings A** en **B**, asook **afdelings D** en **E** saam aan te bied, wil ek verseker dat die leser van die manuskrip met die eerste oogopslag 'n duidelike beeld kry van alle respondente se opinies wat aan die ondersoek deelgeneem het. Die metode van aanbieding vergemaklik ook die rapportering van die ondersoekresultaat.

'n Volledige lys van respondente verskyn as bylae 7 *(naamlys van pastores)* en bylae 8 *(naamlys van ouderlinge)* tot die manuskrip. Benewens die 32 respondente (pastores en ouderlinge) het ek ook dertien ongestruktureerde onderhoude gevoer oor die tydperk Julie 2003 tot Oktober 2004 met persone wat 'n bydrae tot die studie kon lewer. Hul name is in bylae 9 vervat.

## 5.4 EMPIRIESE BEVINDINGE

### *5.4.1 Gemeenskaplike demografieë van pastores en ouderlinge: (Afdelings A en B)*

1. Huistaal

**Tabel 5.1:** *Huistale van respondente*

| TAAL | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Afrikaans | 4 | 6 |

| | | |
|---|---|---|
| Engels | - | - |
| Sepedi | 3 | - |
| Tswana | 6 | - |
| Zoeloe | 1 | 5 |
| Ander | 2 | 5 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Een leraar se huistaal is Seswati en die ander een s'n is Suid-Sotho. Onder die ouderlinge was daar twee wie se huistaal Suid-Sotho is, een Xhosa- asook twee Ndebele-sprekers.

2 Taalvoorkeur

**Tabel 5.2:** *Taalvoorkeure van respondente*

| **VOORKEUR** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| Afrikaans | 9 | 12 |
| Engels | 7 | 4 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Alhoewel die voertaal van die streeksinode Engels is, het die meerderheid respondente - veral ouderlinge - Afrikaans as taal verkies vir die voer van die onderhoud.

3. Geslag

**Tabel 5.3:** *Geslagsverspreiding van respondente*

| **GESLAG** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| Manlik | 15 | 8 |
| Vroulik | 1 | 8 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

By die steekproef vir *ouderlinge* is daar ewe veel mans as vroue ingesluit, want die VGKSA se landelike gemeentes bestaan veral uit vroue (Maluleke 2002:11).

4. Bevolkingsgroep

**Tabel 5.4:** *Bevolkingsverspreiding van respondente*

| ETNISITEIT | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Blank | 4 | 2 |
| Bruin | - | 4 |
| Swart | 12 | 10 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die afwesigheid van bruin leraars in die *steekproef vir leraars* is in paragraaf 5.2.3.5 (grootte van steekproef) verduidelik.

5. Ouderdomsverspreiding

**Tabel 5.5:** *Ouderdomsverspreiding van respondente*

| OUDERDOM | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Onder 30 jaar | - | - |
| 30-39 jaar | 4 | 1 |
| 40-49 jaar | 2 | 4 |
| 50-59 jaar | 4 | 7 |
| 60-69 jaar | 4 | 3 |
| Bo 70 jaar | 2 | 1 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Daar is probeer om die steekproef (leraars) en die steekproef (ouderlinge) verteenwoordigend te maak ten opsigte van die respondente se ouderdomme.

6. Huwelikstatus

**Tabel 5.6:** *Huwelikstatus van respondente*

| STATUS | . LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Getroud | 14 | 13 |
| Geskei | - | - |
| Ongetroud | 1 | 1 |
| Ander | 1 | 2 |
| TOTAAL | **16** | 16 |

**Opmerkings**

Onder die respondente (leraars) was daar een wewenaar en by respondente (ouderlinge) was daar 'n wewenaar en 'n weduwee.

### *5.4.2. Demografiese inligting eie aan pastores:*
### **(***Afdeling A***)**

1. Hoe lank is/was u 'n leraar van die VGKSA?

**Tabel 5.7:** *Diensjare van leraars*

| DIENSJARE | LERAARS |
|---|---|
| minder as 6 jaar | 5 |
| 06 tot 10 jaar | 1 |
| 11 tot 15 jaar | - |
| 16 tot 20 jaar | 4 |
| 21 tot 25 jaar | 1 |
| 26 tot 30 jaar | 1 |
| meer as 30 jaar | 4 |
| TOTAAL | **16** |

**Opmerking**

Die vyf leraars wat eers evangeliste was se diensjare as evangeliste is ook gereken as diens as leraar.

2. Was u voorheen 'n evangelis gewees?

**Tabel 5.8:** *Aantal leraars wat voorheen evangeliste was*

| NEE | JA | TOTAAL |
|---|---|---|
| 11 | 5 | **16** |

**Opmerking**

Die insluiting van vyf voormalige evangeliste as respondente is die leraars van Nhlazatshe, Hlanganani, Brits, Warmbad en Saulspoort-Oos. Dit is min of meer verteenwoordigend van hul geografiese verspreiding deur die sinodale gebied.

3. Hoe lank dien u in u huidige gemeente?

**Tabel 5.9:** *Diensjare van leraars in huidige gemeentes*

| DIENSJARE | LERAARS |
|---|---|
| minder as 6 jaar | 5 |
| 6 tot 10 jaar | 3 |
| 11 tot 15 jaar | - |
| 16 tot 20 jaar | 5 |
| 21 tot 25 jaar | 1 |
| 26 tot 30 jaar | 1 |
| langer as 30 jaar | 1 |
| **TOTAAL** | **16** |

**Opmerking**

Net die kategorie 11 tot 15 jaar is nie gedek nie.

4. Wat is die aard van u bediening?

**Tabel 5.10:** *Aard van leraars se bediening*

| VOLTYDS | DEELTYDS | EMERITUS | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 8 | 6 | 2 | **16** |

**Opmerking**

Die een emeritusleraar werk nog *voltyds* in die gemeente op 'n kontrakbasis wat jaarliks hernu word. Die tweede emeritusleraar is sedert sy aftrede in 1995 steeds op 'n gereelde maandelikse basis as hulpleraar in die gemeente betrokke.

Van die agt *voltydse leraars*, het een minder as ses jaar diens en een tussen 16 en 20 jaar diens. Twee van die voltydse leraars gaan in 2005 emeriteer. Die oorblywende vier leraars sal binne die volgende twee na drie jaar aftree.

5. Dui u hoogste akademiese kwalifikasie aan

**Tabel 5.11:** *Akademiese kwalifikasies van leraars*

| KWALIFIKASIE | LERAARS |
|---|---|
| 3 jaar diploma | 4 |
| Baccalaureusgraad | 1 |
| Honeursbaccalaureusgraad | 5 |
| Nagraadse diploma in teologie | 1 |
| Post-baccalaureus baccalaureus | 1 |
| Magistergraad | 1 |
| Doktorsgraad | 2 |
| Ander | 1 |
| **Totaal** | **16** |

**Opmerking**

Die kwalifikasie onder *ander* is 'n toelating tot die bediening op grond van singuliere gawes onder artikel 6 van die voormalige NGSK se Kerkorde van 1986.

6. Dien u ook die VGKSA in ‘n breër kerklike verband - bv. ring of sinode? Indien JA, vermeld die hoedanigheid.

**Tabel 5.12:** *Breër kerklike betrokkenheid van leraars*

| JA | NEE | TOTAAL |
|---|---|---|
| 13 | 3 | 16 |

**Opmerking**

Die drie respondente wat nie in breër kerklike verband dien nie, is die twee emeritusleraars in die steekproef, asook ‘n leraar wat vroeg in 2005 aftree. Die oorblywende 13 respondente dien die VGKSA in verskeie posisies op rings- en sinodale vlak. Enkeles van hulle is ook konsulente van gemeentes sonder ‘n eie predikant.

### *5.4.3 Demografiese inligting eie aan ouderlinge: (Afdeling B)*

1. Hoe lank is u ‘n lidmaat in die gemeente?

**Tabel 5.13:** *Aantal jare in gemeente van ouderlinge*

| AANTAL JARE | OUDLE |
|---|---|
| minder as 5 jaar | 1 |
| 05 tot 09 jaar | - |
| 10 tot 19 jaar | 4 |
| 20 tot 30 jaar | 7 |
| langer as 30 jaar | 4 |
| **TOTAAL** | **16** |

**Opmerking**

Vyftien van die respondente is mense wat al vir dekades in die gemeentes bly waar hulle ook op kerkrade dien.

2. Hoe lank dien u as ouderling in die gemeente?

**Tabel 5.14:** *Diensjare van ouderlinge*

| DIENSJARE | OUDLE |
|---|---|
| minder as 2 jaar | 1 |
| 02 tot 04 jaar | 3 |
| 04 tot 06 jaar | 2 |
| 07 tot 08 jaar | - |
| 09 tot 10 jaar | 2 |
| langer as 10 jaar | 8 |
| **TOTAAL** | **16** |

**Opmerking**

Die respondente wat langer as tien jaar op kerkrade as ouderlinge dien se diensjare sien so daar uit:

1 (12 jaar); 1 (15 jaar); 2 (16 jaar); 1 (17 jaar);

1 (18 jaar); 1 (19 jaar) en 1 (20 jaar)

3. Is u betrokke by enige van die volgende aktiwiteite in die gemeente?

**Tabel 5.15:** *Gemeentelike betrokkenheid van ouderlinge*

| Betrokkenheid in gemeente | Een | Twee | Meer |
|---|---|---|---|
| Vroue Bediening | 2 | 4 | 2 |
| Mannebediening | - | 1 | 1 |
| Jeug | - | 1 | - |
| Kategese | - | 1 | 1 |
| Koor | - | - | - |
| Ander | 3 | - | - |
| **Subtotaal** | **5** | **7** | **4** |
| **TOTAAL VAN 1, 2 & 3** | **16** | | |

**Opmerking**

Die ***drie respondente*** wat hul betrokkenheid as *ander* aangedui het, dien

op hul gemeentes se boukommissies. Dit is ‘n gebruik by twee van die gemeentes in die ondersoek dat die mans op die kerkraad op die boukommissie dien vir bouprojekte en instandhouding van kerkeiendomme in die gemeente. *Elf van die respondente* is by twee of meer gemeentelike aktiwiteite betrokke. Dit sluit ondermeer in die skribaat, koor, Christelike Manne-bediening, Christelike Jeugbediening, kategese en ander kommissies in die gemeente.

4. Dui aan die hoogste standerd op skool geslaag

**Tabel 5.16:** *Hoogste skoolstanderds van ouderlinge*

| STANDERD | OUDLE |
|---|---|
| Geen | - |
| 1 | - |
| 2 | 1 |
| 3 | - |
| 4 | 2 |
| 5 | 1 |
| 6 | 3 |
| 7 | - |
| 8 | 4 |
| 9 | 1 |
| 10 | 4 |
| **TOTAAL** | **16** |

**Opmerking**

Sewe van die respondente se skoolopleiding strek van standerd 2 tot 6. Alhoewel laerskoolopleiding normaalweg by standerd 5 eindig, was dit veral op die platteland ‘n algemene verskynsel dat leerders tot standerd 6 in die laerskool geakkommodeer is weens die skaarsheid aan skole (Arends 2004).[4] Daar is dus ‘n sin waarin ons hierdie sewe respondente se skoolopleiding as

4. Mnr W A Arends was vir baie jare in die onderwys en het afgetree as skoolhoof van die Eersterust Sekondêre Skool in Eersterust.

*laerskoolopleiding* kan tipeer. Dit onderstreep die noodsaaklikheid dat die VGKSA erns moet maak om ouderlinge deur toerusting in hul dienswerk te bemagtig, want dit is die mense wat in die afwesigheid van 'n predikant die prediking en ander pastorale pligte moet uitvoer.

5. Dui u hoogste akademiese kwalifikasie aan

**Tabel 5.17:** *Hoogste akademiese kwalifikasies van ouderlinge*

| **KWALIFIKASIES** | **OUDLE** |
|---|---|
| Geen | 12 |
| 1-jaar sertifikaat | - |
| 2-jaar sertifikaat | - |
| 3-jaar diploma | 2 |
| Baccalaureusgraad | 1 |
| Honneursgraad | 1 |
| Magistergraad | - |
| **TOTAAL** | **16** |

**Opmerking**

Vier ouderlinge beskik oor 'n tersiêre kwalifikasie.

### *5.4.4 Gemeentelike sake eie aan pastores: (Afdeling C)*

1. Bedien u die gemeente alleen?

**Tabel 5:18:** *Gemeentebediening deur pastores*

| **JA** | **NEE** | **TOTAAL** |
|---|---|---|
| 1 | 15 | **16** |

**Opmerking**

Die enkele *ja-respons* is gekwalifiseer dat die gemeente-bediening afhanklik is van ouderlinge wat ook met die prediking moet help.

2. Indien u die gemeente nie alleen bedien nie, watter hulp ontvang u in terme van:

**Tabel 5.19:** *Bedieningshulp aan pastores*

| Hulp | Net 1 | Net 2 | Net 3 | Net 4 | Net 5 | Plus |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Medeleraars | | | | | | |
| 2. Evangeliste | | | | | | |
| 3. Ouderlinge | | | 8 | | | |
| 4. Pastorale werkers | | | | | | |
| 5. Lekewerkers | | | | | 1 | |
| 6. Kombinasies | | | | | | 7 |
| **Subtotale** | **-** | **-** | **8** | **-** | **1** | **7** |
| **GROOTTOTAAL** | **16** | | | | | |

**Opmerking**

Uit die steekproef kom die volgende na vore:

a. Slegs een leraar gebruik lekewerkers om met die prediking en begrafnisse te help. Hierdie leke-werkers is tans ingeskryf by die Nehemia Bybel-instituut (NBI) (Coetzee 2004).

b. Agt leraars maak ***uitsluitlik van ouderlinge*** gebruik om hul in die gemeente pastoraal by te staan.

c. Sewe leraars maak gebruik van verskillende kombinasies om hul in die gemeente te help, soos -

   (i) Vier gebruik medeleraars, evangeliste en ***ouderlinge***; en

   (ii) drie gebruik medeleraars en ***ouderlinge*** om hulle in die gemeente by te staan.

d. Vyftien respondente betrek dus in hul gemeente-bediening ***ouderlinge*** by die prediking en ander pastorale pligte.

3. Hoe groot is die gemeente wat u bedien in terme van doop- en belydende lidmate?

**Tabel 5.20:** *Groottes van gemeentes betrek by ondersoek*

| Gemeente | Dopelinge | Belydendes |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| 01 Brits (konsulent)[5] | 238 | 291 |
| 02 Hlanganani | 1539 | 1529 |
| 03 Karlienpark[6] | 226 | 306 |
| 04 Kranspoort | 258 | 1062 |
| 05 Lepelle[7] (2) | 1812 | 1892 |
| 06 Makapanstad[8] | 865 | 789 |
| 07 Mamelodi | 1080 | 1350 |
| 08 Matlala | 350 | 341 |
| 09 Nhlazatshe | 600 | 1290 |
| 10 Ohrigstad | 6000 | 1953 |
| 11 Pietersburg | 1296 | 1709 |
| 12 Saulspoort-Oos[9] (2) | 4400 | 6500 |
| 13 Tlhabane | 2363 | 3354 |
| 14 Warmbad | 2650 | 734 |
| **Aantal gemeentes** | **14** | |
| **Aantal respondente** | **16** | |

4. Waar sou u dié gemeente plaas in terme van die aantal *belydende lidmate*?

**Tabel 5.21:** *Kategorisering van gemeentes betrek by ondersoek*

| **Kategorisering** | **Aantal** |
|---|---|
| 12 > 400 | 2 |
| 401 > 800 | 2 |
| 801 > 1600 | 3 |

5. Brits is een van die 48 konsulentsgemeentes. Ds Esau is al vir etlike jare die konsulent.

6. *Karlienpark* (ou NGSK) en *Tlhabane* (ou NGKA) is twee buurgemeentes in Rustenburg.

7. Ds Gawie Jordaan (emeritus) is op 'n maandelikse basis 'n hulpleraar van Lepelle. Dit was die enigste gemeente wat hy vanaf 1977 tot 1995 bedien het.

8. Makapanstad word tans deur die enigste vrouepredikant in die streeksinode bedien.

9. By Saulspoort-Oos is gestruktureerde onderhoude met albei gemeenteleraars gevoer. Die een leraar is voltyds en die ander een deeltyds. Dieselfde situasie bestaan ook by Rustenburg-Tlhabane waar 'n onderhoud met die voltydse leraar gevoer is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1601 | > | 2400 | 6 |
| 2401 | > | 3600 | 1 |
| 3601 | > | 6500 | 2 |
| | | **TOTAAL** | **16** |

**Opmerking**

Die steekproef (leraars) is verteenwoordigend van alle kategorieë gemeentes in die sinodale gebied.

5. Watter van die volgende klassifikasies in terme van die getal ***belydende lidmate*** sal u gemeente die beste beskryf?

**Tabel 5.22:** *Gemeenteklassifikasies in terme van belydende lidmate*

| Grootte van gemeente | | | Aantal |
|---|---|---|---|
| klein gemeente: | lidmate tot | 400 | 2 |
| medium gemeente: | lidmate tot | 800 | 2 |
| medium-groot gemeente: | lidmate tot | 1600 | 3 |
| groot gemeente: | lidmate tot | 2400 | 6 |
| baie groot gemeente: | lidmate tot | 3600 | 1 |
| mega gemeente: | lidmate tot | 6500 | 2 |
| | | **TOTAAL** | **16** |

**Opmerking**

Die steekproef is verteenwoordigend van alle gemeente-kategorieë binne die gebiedsinode. (Kyk bylae 2b)

6. Is daar enige ***wykskerke*** in die gemeente wat u bedien? Indien wel, hoeveel?

**Tabel 5.23:** *Aantal wykskerke bedien deur leraars in die steekproef*

| Nee | Ja | Getal wykskerke |
|---|---|---|
| 1 | 15 | 122 |

**Opmerking**

In die steekproef is 14 gemeentes betrek. Ons kan slegs twee as *stedelik*

tipeer (kyk tabel 5.24). Alhoewel die een stedelike gemeente in nege wyke binne die woonbuurt eredienste hou, is hierdie wyke vir die ondersoek buite rekening gelaat, want my fokus is die *plattelandse gemeentes*. Die 122 wykskerke verwys dus na die 12 plattelandse gemeentes wat by die ondersoek betrek is. Die getal onderstreep die omvang van die *wykskerk-bediening* in die VGKSA wat dringende aandag vra.

7. Hoe sou u die konteks van die gemeente beskryf in terme van die volgende klassifikasies?

**Tabel 5.24:** *Konteks van gemeentes bedien deur pastores in steekproef*

| **Klassifikasie** | **Getal** |
|---|---|
| klein dorp | - |
| groot dorp | - |
| stad | 2 |
| klein dorp PLUS platteland | 2 |
| groot dorp PLUS platteland | 7 |
| stad PLUS platteland | 1 |
| oorwegend platteland | 4 |
| **TOTAAL** | **16** |

**Opmerking**

Die twee stedelike gemeentes verwys na die gemeentes Mamelodi en Rustenburg-Karlienpark. As reste van apartheid is Mamelodi 'n ou swart woonbuurt buite Pretoria en Karlienpark 'n ou bruin woonbuurt aangrensend aan Rustenburg. Karlienpark is sonder enige *wykskerke*, want daar is in die woonbuurt een kerkgebou as sentrale plek van aanbidding vir die hele gemeente.

By die meeste gemeentes in die gebiedsinode van Noord-Transvaal (VGKSA)

sal daar altyd 'n *plattelandse element* wees. Die eiesoortige problematiek wat daarmee saamval, moet ons in ons besinning oor gemeentewees verreken.

### 5.4.5 *Gemeenskaplike sake pastores en ouderlinge:* (*Afdelings D en E*)

1. Sien u ouderlinge as gemeenteleiers?

**Tabel 5.25:** *Menings oor ouderlinge as gemeenteleiers*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Ja | 16 | 16 |
| Nee | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Oor ouderlinge as gemeenteleiers is leraars en ouderlinge eenstemmig. Een respondent het die opmerking gemaak dat dit veral waar is van landelike gebiede.

2. As 'n predikant op Sondae nie by 'n *wykskerk* is nie, wie lei dan die erediens?

**Tabel 5.26:** *Lei van eredienste in die afwesigheid van pastores*

| Antwoord | Leraars | Ouderlinge |
|---|---|---|
| Ouderling | 15 | 16 |
| Diaken | - | - |
| Ander | 1 | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Uit die steekproef van 14 gemeentes was daar slegs een waar ouderlinge nie preek nie. In daardie gemeente is daar drie lekewerkers wat die leraar met prediking help. Twee respondente het uitgewys dat diakens soms gebruik

word in wyke wat oorwegend uit jonger mense bestaan.

3. Watter van die volgende take word oor die algemeen in die VGKSA ***in die afwesigheid van predikante*** deur ouderlinge in gemeentes en wykskerke gedoen? Dui die frekwensie aan met die syfers 1 tot 3. Die blokkies beteken: [1 = Nooit 2 = Sporadies (nou en dan) 3 = Gereeld]

(a) Frekwensie van prediking deur ouderlinge

**Tabel 5.27:** *Frekwensie wat ouderlinge preek*

| FREKWENSIE | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Nooit | 1 | - |
| 2 Sporadies | 5 | 1 |
| 3 Gereeld | 10 | 15 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Volgens 31 respondente word ***prediking*** - hetsy gereeld of sporadies - deur ouderlinge gedoen wanneer predikante nie beskikbaar is nie. Tydens een van die onderhoude het 'n respondent die opmerking gemaak dat die VGKSA vir sy pastorale werk op die platteland diep afhanklik is van ouderlinge. Dit onderstreep die belangrike rol van die ouderling in die VGKSA.

(b) Frekwensie wat ouderlinge bidure lei

**Tabel 5.28:** *Frekwensie wat ouderlinge bidure lei*

| FREKWENSIE | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Nooit | 1 | - |
| 2 Sporadies | 5 | 3 |
| 3 Gereeld | 10 | 13 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Volgens die respondent (leraar) dat ouderlinge nooit bidure lei nie, word bidure in die betrokke gemeente wel op Donderdae deur die CVB gelei. Omdat die meerderheid vroue wat op kerkrade dien ook lede van die CVB is, kan dit dus vertolk word dat die bidure deur *ouderlinge* gelei word.

(c) Frekwensie wat ouderlinge huisbesoeke doen

**Tabel 5.29:** *Frekwensie wat ouderlinge huisbesoek doen*

| FREKWENSIE | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Nooit | - | - |
| 2 Sporadies | 6 | 4 |
| 3 Gereeld | 10 | 12 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

'n Respondent (leraar) het die getrouheid van die CVB met huisbesoek benadruk. Dieselfde opmerking sou hier kon geld as oor die betrokkenheid van ouderlinge by die lei van bidure. Een respondent (ouderling) het oor die laksheid onder ouderlinge rondom huisbesoek kommer uitgespreek.

(d) Frekwensie wat ouderlinge siekebesoeke doen

**Tabel 5.30:** *Frekwensie wat ouderlinge siekebesoek doen*

| FREKWENSIE | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Nooit | - | - |
| 2 Sporadies | 5 | 4 |
| 3 Gereeld | 11 | 12 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die frekwensie van siekebesoeke deur ouderlinge sal afhang van gemeente tot gemeente. Waar daar nie 'n leraar in die gemeente is nie, sal die frekwensie hoër wees.

(e) Frekwensie van onderlinge sorg deur ouderlinge

**Tabel 5.31:** *Frekwensie van onderlinge sorg deur ouderlinge*

| FREKWENSIE | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Nooit | - | - |
| 2 | Sporadies | 7 | 5 |
| 3 | Gereeld | 9 | 11 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Tabel 5.3.5 toon 'n hoë mate van onderlinge sorg by ouderlinge. Dit kom veral voor by afsterwe waar die CVB ook 'n leidende rol speel in die reël en lei van bidure, asook die bring van troos besoeke by die sterfhuis.

(f) Frekwensie begrafnisdienste deur ouderlinge

**Tabel 5.32:** *Frekwensie van begrafnisse deur ouderlinge*

| FREKWENSIE | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Nooit | 1 | 3 |
| 2 | Sporadies | 5 | - |
| 3 | Gereeld | 10 | 13 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Drie respondente (ouderlinge) het aangedui dat begrafnisse net deur 'n leraar gedoen word. Twee van die respondente is ouderlinge van klein gemeentes van die voormalige NGSK. Omdat ek self 'n leraar in een van die gemeentes is, skryf ek die gebruik toe aan die frekwensie van afsterwe in daardie spesifieke gemeentes wat dit vir die gemeente-leraar moontlik maak om dit te kan doen.[10]

10. Ek maak die stelling as 'n deelnemende waarnemer. Sedert my bevestiging as leraar van Schoongezicht op 13 April 2002 het ek tot einde Oktober 2004 net ses lidmate begrawe, terwyl ek vir die ooreenstemmende tydperk op versoek elf begrafnisse in Eersterust moes waarneem.

Die derde respondent is ‘n ouderling in ‘n buitewyk van ‘n ou NGKA gemeente. Weens die lae frekwensie van afsterwe in die buitewyk kon die gemeenteleraar die begrafnisse in die verlede behartig, maar sy afsterwe het die situasie verander. ‘n Respondent uit dieselfde gemeente wat in die woonbuurt bly waar die hoofkerk is, staaf dit. Na die leraar se afsterwe word begrafnisse nou al hoe meer deur ouderlinge behartig. Omdat ek die gemeente se konsulent is, dra ek kennis van die verandering en die toenemende betrokkenheid van ouderlinge by afsterwe en begrafnisse.

Drie respondente (leraars) wat uit die ou NGKA kom, het hulle menings toegelig. Waar begrafnisse voorheen uitsluitlik deur leraars gedoen is, het die situasie nou verander en word ouderlinge al hoe meer hiervoor gebruik. Tog is daar nog gemeentes, moontlik dié op die platteland, wat verkies dat ‘n begrafnis deur ‘n leraar gedoen word. Die bedroefdes plaas ‘n hoë premie op troos uit die Skrif deur ‘n leraar.

4. Is ouderlinge amptelik deur die kerk opgelei om die take vermeld in 3 te doen?

**Tabel 5.33:** *Opleiding van ouderlinge vir pastorale take in gemeentes*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Ja | 1 | - |
| Nee | 15 | 16 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

‘n Respondent (leraar) meld dat daar op sinodale vlak deur die Sinodale kommissie vir Rentmeesterskap, Opleiding en Leierskap (ROL) wel sporadies kursusaanbiedinge op gemeentevlak was, maar dit het ook doodgeloop.

‘n Tweede respondent (ouderling) sê dat enkele gemeente-leraars in die

verlede wel die inisiatief geneem het om ouderlinge vir hul dienswerk op te lei, maar dit was lukraak pogings van indiwiduele leraars.

5. Dink u opleiding is noodsaaklik vir hierdie take?

**Tabel 5.34:** *Noodsaaklikheid van opleiding vir ouderlinge*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Ja | 16 | 16 |
| Nee | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Daar is algehele instemming by alle respondente oor die noodsaaklikheid van opleiding vir ouderlinge. Twee respondente (leraars) het die noodsaak van opleiding vir ouderlinge benadruk. Dit is aan die hand van praktyk-voorbeelde gedoen waar ouderlinge by leraars aanklop vir hulp in die voorbereiding van preke. Volgens die twee respondente staaf dit die noodsaaklikheid van opleiding vir ouderlinge, want hierdeur vra ouderlinge eintlik vir opleiding om hul pastorale take in gemeentes te kan doen.

6. Bied die kerk amptelike opleiding hiervoor aan?

**Tabel 5.35:** *Stand van kerklike opleiding vir ouderlinge*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Ja | 1 | - |
| Nee | 14 | 14 |
| Onseker | 1 | 2 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die enkele respondent (leraar) wat oordeel dat die VGKSA wel amptelik opleiding aanbied verwys na die werks-winkels deur ROL, maar sê ook dit is onvoldoende, want slegs enkele werkswinkels is in die verlede aangebied. ‘n

Respondent (ouderling) het ook hierna verwys, maar vermeld dat dit doodgeloop het. Die fokus van die werks-winkels was op ouderlinge se *ampspligte*. 'n Respondent (leraar) het die moontlikheid geopper vir die omskepping van die ou teologiese seminarie by die Universiteit van die Noorde in 'n opleidingsentrum vir ouderlinge van die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal. Van die drie respondente wat *onseker* was of die VGKSA amptelike opleiding vir ouderlinge aanbied, is 'n jong leraar met minder as twee jaar diens in die Kerk. Die ander twee respondente (ouderlinge) het nog nooit van spesifieke opleiding vir ouderlinge gehoor nie.

7. Dink u dat 'n gemeente 'n predikant nodig het?

**Tabel 5.36:** *Noodsaaklikheid van predikante in gemeentes*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Ja | 16 | 16 |
| Nee | - | - |
| Onseker | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Daar was totale instemming by alle respondente dat gemeentes predikante nodig het.

8. Wat is u persoonlike siening van die bediening in 'n omvattende sin?

**Tabel 5.37:** *Respondente se persoonlike siening oor die bediening*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Net die predikant | - | - |
| Predikant en kerkraad | 2 | 5 |
| Die hele gemeente | 14 | 11 |
| Onseker | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Vyf-en-twintig respondente (14 leraars en 11 ouderlinge) sien die bediening in omvattende sin as behorende tot die hele gemeente. Twee respondente (ouderlinge) het hul menings gekwalifiseer. Respondent 1 sê dat dit in die gemeentepraktyk nie so uitval nie, want die totale bediening word meermale net aan die leraar en kerkraad oorgelaat. Volgens respondent 2 is daar in die praktyk 'n kloof tussen die leraar en die gemeente.

9. Hoe sou u die algemene organisering van gemeentes in die VGKSA beskryf? (Let daarop dat die ***organisering van 'n gemeente*** te make het met die ***model*** waarop 'n gemeente ***gestruktureer*** is)

**Tabel 5.38:** *Model van gemeentestrukturering van die VGKSA in die algemeen*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Herder-kudde | 16 | 16 |
| Liggaam van Christus | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Alle respondente is dit eens dat die herder-kuddemodel in die VGKSA die algemene gemeente-inrigting is.

10. Hoe sou u die manier beskryf waarop u gemeente georganiseer is?

**Tabel 5.39:** *Gemeentestrukturering van gemeentes waarin respondente dien*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Herder-kudde | 14 | 15 |
| Liggaam van Christus | 1 | 1 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die twee respondente (leraar en ouderling) wat hul gemeente-inrigting aandui as liggaam van Christus is nie van dieselfde gemeente nie. Agt respondente (sewe leraars en een ouderling) het hul eie gemeente-inrigting as herder-kudde aangedui, maar met insluiting van elemente van die liggaam van Christus. Dit is 'n verblydende teken, want dit baan die weg vir 'n oorgangsmodel na 'n volbloed liggaams-model.

Die respondent (ouderling) wat sy eie gemeente-inrigting as liggaam van Christus tipeer, het waarskynlik die verskil tussen *'beeld'* en *'model'* verwar. Dalk wou hy sien dat die gemeente meer soos die liggaamsmodel funksioneer. Omdat die gemeente ook een van my konsulentgemeentes is, ken ek die betrokke gemeente-inrigting. Dit is geskoei op die herder-kuddemodel met geringe elemente van die liggaamsmodel.

11. Laat die manier waarop julle gemeente georganiseer is ruimte vir ***lidmate*** om hul geestelike gawes binne die gemeente te gebruik?

**Tabel 5.40:** *Menings oor eie gemeentemodel se ruimte vir die charismata*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Ja | 14 | 11 |
| Nee | 2 | 3 |
| Onseker | - | 2 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Vyf-en-twintig respondente oordeel hul manier van gemeente-inrigting laat ruimte vir lidmate se benutting van hul charismata. Twee respondente (leraars) meen hul huidige gemeente-inrigting laat weinig plek vir lidmate om hul geestesgawes te beoefen. Die drie respondente (ouderlinge) wat negatief op die vraag gereageer het, is van oordeel dat hul huidige vorm van gemeente-inrigting nie juis bevorderlik is vir die beoefening van die gawes van die Gees nie. Een van die drie respondente meen die kerkraad word gesien as die

liggaam wat alles in die gemeente moet doen en inisieer. Volgens een respondent (ouderling) laat die eie gemeente-inrigting ruimte vir mense om hul gawes te benut, maar lê laksheid aan die deur van lidmate wat by gemeentelike aktiwiteite nie betrokke wil raak nie.

12. Hoe is die leierskapstruktuur in u gemeente?

**Tabel 5.41:** *Leierskapstrukture van respondente se gemeentes*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Net die predikant | - | 2 |
| Predikant plus | 16 | 14 |
| Enkelinge neem leiding | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Dertig respondente sien hul gemeentes se leierskap-struktuur as die leraar plus die kerkraad en ander persone wat in die gemeente leiding neem. Twee respondente (leraars) sê indiwidue word aangemoedig en uitgenooi om deel te neem aan gemeentelike aktiwiteite, asook om in die gemeente diensbaar te wees. Slegs twee respondente (ouderlinge) koppel hul gemeentes se leierskapstruktuur uit en uit aan die leraar.

13. In die gebiedsinode van Noord-Transvaal (VGKSA) is daar 128 gemeentes. Hiervan is **48** - of dan ***38%*** - sonder ‘n eie predikant. Wat dink u ***veroorsaak*** hierdie situasie? Die syfers 1 tot 3 beteken: [1 = Speel GEEN rol nie 2 = Speel ‘n KLEIN rol 3 = Speel ‘n GROOT rol]

(a) Finansiële armoede as veroorsakende faktor

**Tabel 5.42:** *Menings oor finansiële armoede as veroorsakende faktor*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Speel ***geen*** rol nie | - | - |
| 2 Speel ‘n ***klein*** rol | 2 | 4 |
| 3 Speel ‘n ***groot*** rol | 14 | 12 |

| | | |
|---|---|---|
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Al die respondente sien finansiële armoede as ‘n veroorsakende faktor dat 48 van die gebiedsinode se 128 gemeentes gedurende 2004 sonder ‘n eie predikant is. Waar 26 respondente meen dat finansiële armoede ‘n groot rol speel, oordeel 6 respondente weer dat dit ‘n klein rol speel. Een respondent (leraar) maan dat ons mense nie sonder meer as *arm* moet etiketteer nie, want dit ontmagtig en degradeer mense tot bedelaars. Mense kan materieel arm wees, maar oor vaardighede beskik wat die VGKSA optimaal moet benut om hulle juis in ‘n situasie van armoede te bemagtig.[11] Nog ‘n respondent (leraar) oordeel dat gemeentes na maniere moet soek om uit eie geledere inkomste te genereer.

(b) Grootte en ligging van gemeentes as veroorsakende faktor

**Tabel 5.43:** *Menings oor grootte en ligging van gemeente*

| **MENING** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| 1 Speel ***geen*** rol nie | - | - |
| 2 Speel ‘n ***klein*** rol | 6 | 4 |
| 3 Speel ‘n ***groot*** rol | 10 | 12 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Al die respondente sien gemeentes se grootte en ligging as ‘n moontlike oorsaak vir die probleem. Waar 22 respondente aan dié faktor ‘n groot rol toeken, ken 20 daaraan weer ‘n klein rol toe. Twee respondente (leraars) het só gereageer:

10. Verena is ‘n buitewyk van Ekangala wat ek as konsulent bedien. Met finansiële steun van die NG gemeente Skuilkrans (Pretoria) is daar op Verena ‘n bouprojek aan die gang om ‘n eie kerkgebou daar op te rig. Omdat die wyk geldelik nie tot die projek kan bydra nie, is ons tans besig met ‘n vaardigheidsoudit om vas te stel wat indiwiduele lidmate kan doen om ‘n bydrae tot die projek te lewer. Dit sluit selfs in dat vroue moet koskook wanneer daar gebou word.

**Respondent 1**

Finansiële armoede, asook ligging en grootte van die gemeente, word in die diep platteland 'n groter veroorsakende faktor tot die probleem situasie, want daar is die afstande en die armoede groot.

**Respondent 2**

Lang afstande op die platteland verhoog leraars se vervoerkoste. Saam daarmee moet ook rekening gehou word met swak paaie wat nadelig op voertuie reflekteer en instandhoudingskoste opjaag.

(c) Tekort aan predikante as veroorsakende faktor

**Tabel 5.44:** *Menings oor tekort aan predikante in gebiedsinode*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Speel ***geen*** rol nie | 1 | 2 |
| 2 | Speel 'n ***klein*** rol | 11 | 3 |
| 3 | Speel 'n ***groot*** rol | 4 | 11 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Oor die tekort aan predikante as moontlike oorsaak vir die probleem situasie was daar verdeelde opinies. Vir elf respondente (leraars) speel die tekort aan predikante 'n klein rol terwyl dit vir elf respondente (ouderlinge) weer 'n groot rol speel. Een respondent (leraar) se mening word gegrond op die feit dat daar tans 10 proponente[12] is wat op beroepe wag. Hierteenoor huldig 'n respondent (ouderling) weer die mening dat proponente nie in arm landelike gemeentes wil werk nie weens die beperkte finansiële vooruitsigte sodat daar 'n sukkelbestaan op hulle wag.[13]

---

12. Die getal proponente is vasgestel uit die gelegitimeerdes van November 2002 en Februarie 2004. Dit is moeilik om die presiese getal proponente vas te stel, want die detail van die 1998 en 1999 groepe is moeilik opspoorbaar (Kritzinger 2004).

13. Die respondent se mening is waarskynlik daarop gegrond dat hul buurgemeente twee jaar gelede met groot verwagting 'n jong proponent as voltydse leraar beroep het, maar dié het intussen 'n kapelaanspos met 'n beter vergoedingspakket aanvaar. By die ringsitting het die

(d) Gebrek aan finansiële rentmeesterskap by lidmate

**Tabel 5.45:** *Menings oor finansiële rentmeesterskap*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Speel ***geen*** rol nie | - | - |
| 2 Speel 'n ***klein*** rol | - | 4 |
| 3 Speel 'n ***groot*** rol | 16 | 12 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Onder 28 respondente (16 leraars en 12 ouderlinge) is daar konsensus dat die gebrek aan finansiële rentmeesterskap by lidmate van die VGKSA 'n groot rol speel in die bestaande probleem. Ek vermeld twee opmerkings wat deur drie respondente (leraars) gemaak is:

1. Gebrekkige rentmeesterskap in die VGKSA is 'n res van 'n *bedelmentaliteit* uit die verlede. Vir lidmate was dit nie net degraderend nie, maar dit het hulle ook ontmagtig. Gebrekkige rentmeesterskap hou verder verband met talle lidmate se tradisionele agtergrond waar die hoofman almal onder sy jurisdiksie vir geldelike bydraes oor dieselfde kam skeer. Dit is sake wat dringende regstelling in die VGKSA vra.
2. Rentmeesterskap is vir talle lidmate in die VGKSA onbestaanbaar. Daar word nog te veel gedink in terme van *my geld en besittings*. 'n Geldelike bydrae word dan gegee vir die *kerk of predikant* pleks dat dit 'n dankoffer aan God is. Talle lidmate van die VGKSA beklee tans goeie poste, maar hierdie verbeterde finansiële posisies reflekteer nog nie in verhoogde geldelike bydraes tot die kerkkas nie. Hier wag nog 'n groot skolingstaak onder lidmate van die VGKSA.[14]

leraar dit openlik gestel dat hy verplig is tot hierdie stap omdat die gemeente hom nie kon bekostig nie. Sy onvermoë om as voltydse gemeenteleraar sy persoonlike finansiële verpligtinge na te kom, het tot erge spanning by hom gelei.

14. Dr S D Maluleke, saakgelastigde, sinode van Nood-Transvaal (VGKSA) het hieroor twee publikasies die lig laat sien, nl *Guide for financial stewardship* (1998) en *The church leadership and financial management* (2002). By die Sinodale Kommissie (VGKSA) in sitting vanaf 27 tot

Vir 4 respondente (ouderlinge) speel die gebrek aan finansiële rentmeesterskap van lidmate 'n klein rol in die situasie dat 48 gemeentes van die VGKSA nie 'n eie predikant het nie.

(e) Onbetrokkenheid van lidmate as faktor

**Tabel 5.46:** *Menings oor onbetrokkenheid van lidmate*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Speel ***geen*** rol nie | - | 2 |
| 2 | Speel 'n ***klein*** rol | 8 | 5 |
| 3 | Speel 'n ***groot*** rol | 8 | 9 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Volgens 17 respondente (8 leraars en 9 ouderlinge) is die onbetrokkenheid van lidmate 'n bydraende faktor tot die probleemsituasie. Een respondent (ouderling) maak daarvan gewag dat vroue in hoofsaak betrokke is by gemeentelike aktiwiteite. Omdat talle vroue nie 'n eie inkomste het nie, sal die mans wel vir hulle geld gee vir kerklike bydraes, maar is fisies afwesig. Dit staaf my voetnoot 19 in hoofstuk 1. Vir 13 respondente (8 leraars en 5 ouderlinge) speel die onbetrokkenheid van lidmate 'n klein rol.

14. Van die 48 gemeentes wat sonder 'n eie predikant is, is **23 -** of dan ***48%* -** klein gemeentes. Vir die doeleindes van dié ondersoek word 'n *klein gemeente* gesien as 'n gemeente met tot 400 belydende lidmate. Hoe sien u dié situasie?

**Tabel 5.47:** *Menings oor klein gemeentes sonder 'n eie predikant*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 'n ernstige probleem | 15 | 15 |
| 'n klein probleem | 1 | 1 |

---

29 September 2004 is 'n kort handleiding opgestel as *riglyne vir dankoffers*. Die moderamen sal dit versprei vir gemeentelike gebruik in die streeksinode.

| | | |
|---|---|---|
| geen probleem nie | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

In die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA) is daar 48 gemeentes in 2004 sonder 'n eie predikant. Van hierdie gemeentes is *23 klein gemeentes* wat in hoofsaak op die platteland lê.

1. Vir 30 respondente is dit 'n ernstige probleem. Een respondent (ouderling) sien dit as 'n ernstige probleem as niemand enige inisiatief in die gemeente neem nie, maar *as daar sterk leierskap in die gemeente is, verander die situasie*. Die mening spruit voort uit die respondent se ervaring in 'n gemeente wat vir 'n dekade sonder 'n eie predikant was.
2. Slegs twee respondente (leraar en ouderling) sien dit as 'n klein probleem. Die leraar se mening word gekwalifiseer met 'n *mits daar sterk ouderlinge is wat leiding kan neem.*
3. By albei respondente (ouderling en leraar) wat hul menings gekwalifiseer het, word *sterk leierskap deur ouderlinge* as faktor onderstreep om die situasie ten goede te verander.

15. Sou u ook die *wykskerk* in 'n groot gemeente beskou as 'n *klein gemeente* wat soortgelyke probleme ervaar as die 23 gemeentes waarna in 14 hierbo verwys is?

**Tabel 5.48:** *Menings oor vergelyking tussen wykskerke en klein gemeentes*

| **MENING** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| Ja | 15 | 16 |
| Nee | 1 | - |
| Onseker | - | - |
| TOTAAL | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die *wykskerk in 'n groot gemeente* word deur 31 respondente as 'n klein

gemeente beskou wat soortgelyke probleme ervaar as die 23 klein maar outonome gemeentes van vraag 14. Die leraar wat ‘n ander mening hieroor huldig, se antwoord word gekwalifiseer deurdat die wykskerk die ondersteuning van die hoofkerk en ander wykskerke het.

16. In die voormalige NGKA en NGSK was dit moontlik om *bewese plaaslike gemeenteleiers* in uitsonderlike gevalle as predikante toe te laat. As ons dié erkende praktyk by ons huidige situasie kan aanpas (deur byvoorbeeld aan sulke plaaslike kerkleiers opleiding en toerusting te gee), sou u dit sien as ‘n moontlike oplossing vir klein en arm gemeentes op die platteland wat sukkel om ‘n eie predikant te hê?

**Tabel 5.49:** *Menings oor toelating van plaaslike kerkleiers as predikante*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Ja | 13 | 16 |
| Nee | 3 | - |
| Onseker | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Volgens 29 respondente (13 leraars en 16 ouderlinge) is die toelating van bewese plaaslike gemeenteleiers moontlik ‘n oplossing vir klein en arm gemeentes op die platteland wat sukkel om ‘n eie leraar te hê. Drie respondente (leraars) sien hierin nie ‘n oplossing nie. Twee respondente het hul menings gekwalifiseer:

1. Volgens ***respondent 1*** kan so ‘n stap moontlik ruimte laat vir manipulasie binne die swart mense se kultuur.
2. ***Respondent 2*** sien die toelating van bewese plaaslike kerkleiers nie as ‘n oplossing vir die probleem nie. Die motivering is dat sulke plaaslike leiers nie teologies en administratief onderlê is nie.

Enkele respondente het hulself as volg oor die saak uitgelaat:

1. ‘n Jong leraar stel dit onomwonde dat hy nie hierdeur bedreig voel nie, want alle kerkleiers se onderlinge strewe moet die vestiging van die

Godsryk in hierdie wêreld wees. Daarom is daar nie plek vir *beroeps-jaloesie* nie.

2. Nog 'n respondent (leraar) sien die toelating van bewese plaaslike leiers as 'n moontlike oplossing vir die probleme eie aan klein plattelandse gemeentes, mits *streng keuringskriteria* op sulke kandidate toegepas word.

17. As bewese plaaslike kerkleiers in klein gemeentes as predikante toegelaat sou word, moet hulle voor toelating eers opleiding kry?

**Tabel 5.50:** *Menings oor opleiding van plaaslike kerkleiers as predikante*

| **MENING** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| Ja | 16 | 16 |
| Nee | - | - |
| Onseker | - | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Hier was 'n algehele positiewe respons. Sou die kerk hierdie pad as oplossing vir die probleem van klein landelike gemeentes in die VGKSA volg, is die opleiding van bewese plaaslike kerkleiers 'n noodsaaklikheid.

18. Die kernvraag is: *Wat moet 'n predikant in klein plattelandse gemeentes kan doen?* Om dié werk binne daardie spesifieke konteks te kan doen, wat - na u mening - moet die vlak van opleiding daarvoor wees?

**Tabel 5.51:** *Menings oor opleidingsvlak van gemeenteleiers as predikante*

| **MENING** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| Minder as 3 jaar | 1 | 4 |
| Drie jaar | 14 | 12 |
| Meer as 3 jaar | 1 | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Ses-en-twintig respondente (14 leraars en 12 ouderlinge) sien drie jaar opleiding as voldoende vir die werk wat 'n predikant binne die konteks van klein gemeentes op die platteland moet kan doen. Waar respondente hul keuses gemotiveer het, stip ek dit kortliks aan:

***Respondent 1*** (leraar) het die keuse van drie jaar opleiding voorwaardelik gekwalifiseer dat *elke geval van toelating op eie meriete beoordeel word.*

***Respondent 2*** (leraar) benadruk dat hierdie kandidate ouer persone sal wees wat in gemeentes gevestig is en oor 'n eie inkomste beskik. Derhalwe kan die opleiding selfs minder as drie jaar wees, maar nie langer as drie jaar nie.

***Respondent 3*** (leraar) lê klem op die teologiese vorming van bewese plaaslike leiers as kandidate vir die bediening, maar sou so 'n kandidaat se *geestelike ontwikkelingsvlak* hoog wees, kan die opleiding ook dienooreenkomstig verminder word.

Vyf respondente ( 1 leraar en 4 ouderlinge) meen dat 'n opleiding van minder as drie jaar voldoende is, terwyl een respondent (leraar) weer 'n opleiding van langer as drie jaar voorstel.

19. Dui aan hoedat u die opleiding sou wou sien plaasvind.

**Tabel 5.52:** *Menings oor moontlike opleidingsmetodes vir gemeenteleiers*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Slegs deur *indiensopleiding* (IDO) | - | 1 |
| Slegs deur *afstandsonderrig* | - | - |
| IDO plus *kursusbywoning* (blokke) | - | - |
| IDO plus *afstandsonderrig* | 1 | - |
| IDO plus afstandsonderrig plus *kursusbywoning* | 15 | 15 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

## Opmerking

Dertig respondente (15 leraars en 15 ouderlinge) was ten gunste van indiensopleiding plus korrespondensie- of afstandsonderrig plus blokkursusse. Die algemene gevoel onder hierdie groep respondente was dat dit omvattend is deurdat dit *praktiese werk, teoretiese vorming* en *inter-persoonlike verryking* binne groepsverband stimuleer.

Die respondent (ouderling) wat slegs indiensopleiding voorstaan, het dit as onmiddellike oplossing vir die knellende probleem gesien. Die respondent (leraar) wat in-diensopleiding plus afstandonderrig gekies het, het geen motivering daarvoor gegee nie.

'n Waardevolle praktiese wenk is ook deur 'n respondent (leraar) gegee. Wanneer geïdentifiseerde plaaslike kerk-leiers blokkursusse bywoon, moet aan gemeentes die boodskap deurgegee word dat dié persone opleiding ondergaan vir toelating as leraars.

20. Hoe belangrik sien u die volgende in die ***toerusting van plaaslike leiers*** vir moontlike aanvaarding as predikante? Die syfers 1 tot 3 beteken: [1 = Onbelangrik 2 = Belangrik 3 = Noodsaaklik]

(a) Grondige kennis van kern Bybelse leerstellings

**Tabel 5.53:** *Menings oor 'n grondige kennis van kern Bybelse leerstellings*

| **MENING** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | - | - |
| 3 Noodsaaklik | 16 | 16 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Al 32 respondente het 'n grondige kennis van fundamentele Bybelse leerstellings by kerkleiers as *noodsaaklik* gesien.

(b) Preekvaardighede

**Tabel 5.54:** *Menings oor preekvaardighede by kerkleiers*

| MENINGS | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 2 | 2 |
| 3 Noodsaaklik | 14 | 14 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die oorwig van 28 respondente (14 leraars en 14 ouderlinge) het preekvaardighede as *noodsaaklik* beskou.

(c) Kennis van die kerk as organisasie

**Tabel 5.55:** *Menings oor kennis van die kerk as organisasie by kerkleiers*

| MENINGS | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 5 | 6 |
| 3 Noodsaaklik | 11 | 10 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Waar 21 respondente (11 leraars en 10 ouderlinge) kennis van die kerk as organisasie as noodsaaklik beskou, het 11 respondente (5 leraars en 6 ouderlinge) dit as belangrik beskou. Dalk kan dit toegeskryf word aan die algemene opvatting dat *administrasie* nie eintlik *geestelike werk* is nie. Ek staaf dit met ‘n praktykvoorbeeld. ‘n Paar jaar gelede moes ek ‘n gemeente help om hul doop- en lidmaatregisters in orde te kry. Die persoon wat daarmee besig was, het dit aanvanklik langtand gedoen, want sy wou met *geestelike werk* in die gemeente besig wees. Aan die hand van die liggaamsbeeld het ek verduidelik dat die Here verskillende gawes aan sy kerk

gee en dat geen gawe belangriker as die ander is nie. Vir die ordelike werking van die gemeente is *administrasie* ook 'n gawe vir dienswerk in die gemeente. Sy hou nog steeds die gemeente se registers by.

(d) Basiese bestuursvaardighede

**Tabel 5.56:** *Menings oor basiese bestuursvaardighede by kerkleiers*

| MENINGS | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 7 | 3 |
| 3 Noodsaaklik | 9 | 13 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Oor die noodsaaklikheid van basiese bestuursvaardighede laat 22 respondente (9 leraars en 13 ouderlinge) hul positief uit. Dit is insiggewend dat meer ouderlinge die saak so sien. Dalk val dit daarmee saam dat ouderlinge in hul sekulêre beroepe al hoe meer blootstelling aan bestuurs-vaardighede kry. Dalk hou dit ook daarmee verband dat sommige pastores bestuur sien as 'n wêreldse saak wat nie op die kerk van toepassing is nie. Pastores kan bestuur sien as 'n las wat so gou moontlik afgehandel moet word sodat hulle aan die organisme aandag kan gee (Heyns 1993c:126). Die res van die respondente (7 leraars en 3 ouderlinge) erken egter die belangrikheid van bestuurs-vaardighede in die kerk.

Wat verblydend is, is dat respondente tog bestuur as 'n belangrike deel van gemeentewees erken. 'n Respondent (leraar) wys op die houding wat soms in die kerk bestaan van *'ons bid dinge reg'* as 'n vermydingstaktiek vir die harde werk om worstelend werkend en biddend na oplossings te soek. Deur die piëtistiese *'reg bid van dinge'* word die probleem en die oplossing daarvoor netjies by God gelaat.

(e) Basiese kennis van motivering

**Tabel 5.57:** *Menings oor basiese kennis van motivering by kerkleiers*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 8 | 7 |
| 3 | Noodsaaklik | 8 | 9 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Oor 'n basiese kennis van motivering het 17 respondente (8 leraars en 9 ouderlinge) dit as *noodsaaklik* gesien terwyl 15 respondente (8 leraars en 7 ouderlinge) dit weer as *belangrik* beskou.

(f) Basiese kommunikasievaardighede

**Tabel 5.58:** *Menings oor basiese kommunikasievaardighede by kerkleiers*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 6 | 5 |
| 3 | Noodsaaklik | 10 | 11 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Oor die *noodsaaklikheid* van basiese kommunikasie-vaardighede by gemeenteleiers het twee-derdes van die respondente (10 leraars en 11 ouderlinge) hulself positief uitgespreek. Die oorblywende 11 respondente (6 leraars en 5 ouderlinge) het dit tog as *belangrik* beskou.

(g) Bestuur van konflik

**Tabel 5.59:** *Menings oor konfliksbestuur by kerkleiers*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | 1 | - |
| 2 | Belangrik | 6 | 6 |
| 3 | Noodsaaklik | 9 | 10 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die *noodsaaklikheid* van konflikbestuur by kerkleiers staan by 19 respondente (9 leraars en 10 ouderlinge) voorop. Daarteenoor sê 12 respondent (6 leraars en 6 ouderlinge) dat konflikbestuur tog vir kerkleiers *belangrik* is. Slegs een leraar meen dat konflikbestuur *onbelangrik* is.

(h) Beginsels en tegnieke van kleingroepe

**Tabel 5.60:** *Menings oor kleingroeptegnieke by kerkleiers*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | 3 | - |
| 2 | Belangrik | 5 | 6 |
| 3 | Noodsaaklik | 8 | 10 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Oor die *noodsaaklikheid* (10 respondente - ouderlinge) en die *belangrikheid* van die beginsels en tegnieke van kleingroepe oordeel die ouderlinge 'n rapsie meer positief as die leraars. Oor kleingroepe het 8 leraars dit as *noodsaaklik* beskou terwyl dit vir 5 leraars wel *belangrik* is. Van die respondente (leraars) het drie die beginsels en tegnieke van kleingroepe as *onbelangrik* beskou.

(i) Rentmeesterskap in die kerk

**Tabel 5.61:** *Menings oor rentmeesterskap by kerkleiers*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 2 | 2 |
| 3 | Noodsaaklik | 14 | 14 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Oor rentmeesterskap in die kerk oordeel 28 respondente (14 leraars en 14 ouderlinge) dat dit *noodsaaklik* is, terwyl 'n gelyke getal leraars (2) en ouderlinge (2) dit wel as *belangrik* sien. By beide leraars en ouderlinge in die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA) blyk hierdie 'n saak van groot erns te wees.

(j) Die werking van mag en gesag in die kerk

**Tabel 5.62:** *Menings oor mag en gesag in die kerk*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 4 | 5 |
| 3 | Noodsaaklik | 12 | 11 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Twee derdes van die respondente (12 leraars en 11 ouderlinge) sien die werking van mag en gesag in die kerk as *noodsaaklik*. Vir die oorblywende respondente (4 leraars en 5 ouderlinge) is dit ook 'n *belangrike* saak.

21. Hoe belangrik ag u die volgende ***kwaliteite in kerkleiers***? Die syfers 1 tot 3 beteken: 1 = Onbelangrik 2 = Belangrik 3 = Noodsaaklik]

(a) Verbintenis tot 'n visie

**Tabel 5.63:** *Menings oor verbintenis tot 'n visie by 'n kerkleier*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 1 | 3 |
| 3 Noodsaaklik | 15 | 13 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Vir 28 respondente (15 leraars en 13 ouderlinge) is die verbintenis tot 'n visie *noodsaaklik* by kerkleiers. Ook die oorblywende 4 respondente (1 leraars en 3 ouderlinge) sien dit as belangrik.

(b) Effektiewe kommunikasie

**Tabel 5.64:** *Menings oor effektiewe kommunikasie by kerkleiers*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 2 | 5 |
| 3 Noodsaaklik | 14 | 11 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Effektiewe kommunikasie by kerkleiers is by 25 respondente (14 leraars en 11 ouderlinge) *noodsaaklik*. Die oorblywende 7 respondente (2 leraars en 5 ouderlinge) sien dit ook as *belangrik*.

(c) Betroubaarheid

**Tabel 5.65:** *Menings oor betroubaarheid by kerkleiers*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 0 | 1 |
| 3 Noodsaaklik | 16 | 15 |

| | | |
|---|---|---|
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Vir 31 respondente (16 leraars en 15 ouderlinge) is betroubaarheid by kerkleiers 'n *noodsaaklikheid*. Slegs een ouderling het dit as *belangrik* beskou.

(d) Positiewe selfagting

**Tabel 5.66:** *Menings oor positiewe selfagting by kerkleiers*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 2 | 2 |
| 3 | Noodsaaklik | 14 | 14 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die respondente het positiewe selfagting by kerkleiers hoog aangeslaan. Vir 28 respondente (14 leraars en 14 ouderlinge) is dit *noodsaaklik*. Ook die oorblywende 4 respondente (2 leraars en 2 ouderlinge) sien dit as 'n *belangrike* eienskap by kerkleiers.

22. Hoe belangrik is die volgende aspekte in 'n ***kerkleier se lewe***? Die syfers 1 tot 3 beteken:

[1 = Onbelangrik 2 = Belangrik 3 = Noodsaaklik]

(a) Leier se gebedslewe

**Tabel 5.67** *Menings oor kerkleiers se gebedslewe*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 1 | 1 |
| 3 | Noodsaaklik | 15 | 15 |

| | | |
|---|---|---|
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Dit is *noodsaaklik* dat 'n kerkleier se lewe deur gebed gekenmerk word. Só sê 30 respondente (15 leraars en 15 ouderlinge). Selfs die oorblywende respondente (1 leraar en 1 ouderling) sien die kerkleier se gebedslewe as *belangrik*.

(b) Leier se geestelike groei

**Tabel 5.68:** *Menings oor kerkleiers se geestelike groei*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 1 | - |
| 3 Noodsaaklik | 15 | 16 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die kerkleier se geestelike groei is vir 31 respondente (15 leraars en 16 ouderlinge) *noodsaaklik*, want volgens een respondent kan 'n kerkleier 'n gemeente net lei tot op die geestelike peil waarop hy of sy self is. Geestelike groei is deur een leraar as *belangrik* beskou.

(c) Leier se gedrag en reputasie

**Tabel 5.69:** *Menings oor kerkleiers se gedrag en reputasie*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 1 | - |
| 3 Noodsaaklik | 15 | 16 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Oor ‘n kerkleier se gedrag en reputasie was die uitslag presies dieselfde as in tabel 5.68.

(d) Leier se huwelikslewe

**Tabel 5.70:** *Menings oor kerkleiers se huwelikslewe*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 2 | 2 |
| 3 | Noodsaaklik | 14 | 14 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Respondente plaas ‘n hoë premie op kerkleiers se huweliks-lewe. Vir 14 leraars en 14 ouderlinge is die kerkleier se huwelikslewe ‘n *noodsaaklike* aspek, terwyl 4 respondente (2 leraars en 2 ouderlinge) dit as *belangrik* sien. Uit hierdie respons is dit duidelik dat hoë verwagtinge aan kerkleiers se huwelike gestel word juis wanneer die huwelik uit alle oorde onder druk verkeer - ook dié van predikante, want hulle leef meesal onder ‘n vergrootglas binne hul gemeentes.

(e) Leier se gesinslewe

**Tabel 5.71:** *Menings oor kerkleiers se gesinslewe*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 1 | 1 |
| 3 | Noodsaaklik | 15 | 15 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Uit die studie is dit duidelik dat 'n ewe groot verwagting aan die gesinslewe[15] van kerkleiers gestel word. Dertig respondente (15 leraars en 15 ouderlinge) sien dit as *noodsaaklik*, terwyl die oorblywende leraar en ouderling dit as *belangrik* beskou.

(f) Leier se bereidwilligheid om te dien

**Tabel 5.72:** *Menings oor kerkleiers se bereidwilligheid om te dien*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| 1 Onbelangrik | - | - |
| 2 Belangrik | 4 | - |
| 3 Noodsaaklik | 12 | 16 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die bereidwilligheid van kerkleiers om te dien is deur al sestien ouderlinge as *noodsaaklik* uitgewys. Onder leraars het 12 dit as *noodsaaklik* gesien, terwyl 4 leraars dit as *belangrik* beskou. Die uitgesproke verwagting is dus dat kerkleiers inderdaad *diensleiers* sal wees. Wat ons tog hier moet benadruk, is dat 'n kerkleier *in diens van God* staan en nie *in diens van die gemeente* nie. As hierdie onderskeid in die gemeentepraktyk nie verstaan en gehandhaaf word nie, kan die kerkleier maklik die vloermat van die gemeente word.

(g) Eerlikheid

**Tabel 5.73:** *Menings oor kerkleiers se eerlikheid*

15. Ek dra kennis van 'n leraarspaar wat as noodgreep 'n huis in die woonbuurt vir hul groot kinders huur. Dit is gedoen om die kinders uit die pastorie te kry sodat hulle, net soos enige ander long mense, 'n normale lewe kan lei sonder om as *predikantskinders* soos visse in 'n glasbak onder die gemeente se betragting te moet leef.

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | - | - |
| 3 | Noodsaaklik | 16 | 16 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Vir al 32 respondente was die eerlikheid van 'n kerkleier ononderhandelbaar.

(h) Nederigheid

**Tabel 5.74:** *Menings oor 'n kerkleier se nederigheid*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 2 | - |
| 3 | Noodsaaklik | 14 | 16 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Vir die 16 ouderlinge is nederigheid *noodsaaklik* by 'n kerkleier. Van die 16 leraars oordeel 14 ook so. Vir twee leraars is nederigheid wel belangrik.

(i) Tydsbestuur

**Tabel 5.75:** Menings oor kerkleiers se tydsbestuur

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | - | - |
| 2 | Belangrik | 5 | 8 |
| 3 | Noodsaaklik | 11 | 8 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Vir 11 leraars is tydbestuur 'n *noodsaaklike aspek* in 'n kerkleier se lewe. Vir die ander 5 leraars is dit wel *belangrik*. Onder die ouderlinge was

tydsbestuur vir 8 *noodsaaklik* en vir 8 *belangrik*. Gegewe die skolastiese agtergrond van die meeste ouderlinge as respondente is dit verstaanbaar dat tydsbestuur nie deel van hul daaglikse leefwêreld is nie. Daarby moet ons ook in ag neem dat teenoor blankes wat *time orientated* is, is swart mense weer geneig om *event orientated* te wees (Campbell & Du Preez 1999:37).

(j) Fisiese oefening

**Tabel 5.76:** *Menings oor kerkleiers en fisiese oefening*

| MENING | | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|---|
| 1 | Onbelangrik | 2 | 3 |
| 2 | Belangrik | 10 | 8 |
| 3 | Noodsaaklik | 4 | 7 |
| | **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Vir vyf respondente (2 leraars en 3 ouderlinge) was hierdie aspek *onbelangrik* in die lewe van 'n kerkleier. Daarteenoor het 29 respondente gunstig hieroor gevoel. Vir 18 respondente (10 predikante en 8 ouderlinge) was fisiese oefeninge wel *belangrik* terwyl 11 respondente (4 leraars en 7 ouderlinge) dit as 'n *noodsaaklike aspek* in 'n kerkleier se lewe sien. Een respondent (leraar) het sy keuse hiervoor gekwalifiseer deur te sê dat beide Clinton en Bush as president van die VSA tyd sou inruim vir 'n gereelde oefenprogram. Ons as kerkleiers het geen rede om met minder weg te kom as dit gaan oor die fisieke instand-houding van ons liggame nie.

23. Ons kry in die VGKSA ***voltydse*** en ***deeltydse predikante.*** Albei is gelykwaardig in *bevoegdheid of status*, maar verskil in terme van *taakomskrywing* as die hoeveelheid werk wat verwag word. Na 'n deeltydse predikant word dikwels as 'n ***tentmaker*** verwys. Dit dui op Paulus wat tente gemaak het om vir homself en sy medewerkers te sorg sodat

hy die evangelie kon verkondig sonder om 'n geldelike las op gemeentes te plaas. Ons kan vandag Paulus se tentmaker-bediening vergelyk met ouderlinge en diakens wat sonder betaling in gemeentes werk.

Wat is u mening oor die toelating van bewese plaaslike kerkleiers in klein gemeentes wat - soos Paulus - ***nie vir 'n vaste salaris nie*** as predikante sal werk ***in die gemeentes waarin hulle woon***?

**Tabel 5.77:** *Menings oor tentmakerbediening in klein landelike gemeentes*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Dit is 'n MOONTLIKE oplossing | 7 | 3 |
| Dit is 'n WERKBARE oplossing | 8 | 11 |
| Dit is NIE 'n oplossing nie | 1 | 1 |
| Onseker | - | 1 |
| TOTAAL | **16** | **16** |

**Opmerking**

Die mening onder 29 respondente is dat die Pauliniese tentmakermodel binne die konteks van die VGKSA se klein landelike gemeentes wel 'n oplossing vir die probleem kan wees. Slegs twee respondente (1 leraar en 1 ouderling) het anders oor die saak gevoel. Een ouderling was onseker of dit wel 'n oplossing is.

Die menings van die 29 respondente wat positief oor die saak voel lyk so:

1. **10 respondente** (7 leraars en 3 ouderlinge) sien hierin 'n *moontlike oplossing.*
2. **19 respondente** (8 leraars en 11 ouderlinge) sien hierin 'n *werkbare oplossing.* Drie leraars het egter hul keuse gemotiveer deur te sê dat dit vir hulle sowel 'n *moontlike as 'n werkbare oplossing* is vir die probleem wat die VGKSA in die streeksinode van Noord-

Transvaal ondervind met klein gemeentes op die platteland wat nie 'n eie leraar kan bekostig nie, of wykskerke van groot landelike gemeentes wat eintlik in eie reg klein gemeentes is.

3. Drie respondente het hul menings gemotiveer.

**Twee respondente** sê so:

Dit is 'n werkbare oplossing mits bewese lokale kerkleiers nie vir die VGKSA in die algemeen beroepbaar is nie. As tentmakers na die Pauliniese model moet daar 'n beperking op hul beroepbaarheid wees tot die gemeentes waarin hulle bly.

**Respondent drie** neem 'n teenoorgestelde standpunt in. Daar moet geen onnodige beperkings aan hulle gestel word nie, want tussen leraars moet daar mobiliteit wees. Die VGKSA sal alles in sy vermoë moet doen om 'n soortgelyke situasie as met evangeliste te voorkom waar tentmakers na die Pauliniese model weer as tweederangse of 'halwe' leraars beskou word.

24. Volgens Bepaling 52 van die Kerkorde (VGKSA Noord-Transvaal) word kerkraadslede net vir twee jaar aangestel.

(a) Hoe sou u hierdie bepaling se invloed op die werk in klein gemeentes beskryf?

**Tabel 5.78:** *Menings oor Bepaling 52 se invloed op klein gemeentes*

| MENING | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Positief | 3 | 4 |
| Negatief | 13 | 11 |
| Onseker | - | 1 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Van die respondente beleef 24 (13 leraars en 11 ouderlinge) die invloed van Bepaling 52 as negatief op klein landelike gemeentes. Sewe respondente (3

leraars en 4 ouderlinge) het die bepaling egter positief beskou. Een ouderling was onseker gewees.

(b) Hou u gemeente by hierdie Bepaling?

**Tabel 5.79:** *Hou by Bepaling 52 in eie gemeentes*

| ANTWOORD | LERAARS | OUDLE |
|---|---|---|
| Ja | 5 | 1 |
| Nee | 10 | 15 |
| Onseker | 1 | - |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Teenoor die 6 respondente (5 leraars en 1 ouderling) wat by die bepaling hou, is daar 25 respondente (10 leraars en 15 ouderlinge) wie se gemeentes nie by Bepaling 52 hou nie. Een leraar was onseker weens 'n dienstyd van minder as 'n jaar in die gemeente.

Ek gee die volgende verduidelikings van respondente deur.

**Respondent 1:** Die gemeente hou by die Bepaling, maar dit gaan gepaard met evaluering.

**Respondent 2:** Die gemeente hou by die Bepaling, maar duidelike kriteria is gespesifiseer waaraan kerkraadslede moet voldoen wat voor bevestiging as kerkraadslid met indiwiduele kandidate deurgewerk word.

**Respondent 3:** Die gemeente hou by die Bepaling. Ons hou rekord van kerkraadslede. Om kontinuïteit in die gemeente te verseker word kerkraadslede na twee jaar weer herkies as 'n formaliteit by gebrek aan plaasvervangers in die gemeente.

**Respondent 4:** Die gemeente hou nie volledig by die Bepaling nie. Dieselfde mense word oor en oor gekies. Lidmate se onbetrokkenheid maak dit moeilik om Bepaling 52 in klein landelike gemeentes toe te pas. Daar moet ook rekening gehou word dat daar in klein gemeentes uit 'n beperkte aantal mense gekies kan word.

**Respondent 5** (uit 'n groot gemeente met wykskerke):
Die wyke benoem kerkraadslede wat die name aan die wykskerkraad deurgee. Daar word dit goedgekeur vir voorlegging aan die hoofkerk.

(c) Is hierdie kerklike praktyk in ooreenstemming met leierskap vanuit 'n Afrika-opvatting?

**Tabel 5.80:** *Menings oor Bepaling 52 en leierskap vanuit 'n Afrika-opvatting*

| **MENING** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| Ja | - | - |
| Nee | 16 | 14 |
| Onseker | - | 2 |
| TOTAAL | **16** | **16** |

**Opmerking**

Al die respondente (leraars) was daarmee eens dat Bepaling 52 uit pas is met leierskap vanuit 'n Afrika-opvatting. Van die ouderlinge voel 14 ook so. Twee ouderlinge was onseker.

25. Ouderlinge word in die VGKSA toegelaat om te preek, maar mag die sakramente van doop en nagmaal nie bedien nie. Wat is u mening oor die *Gereformeerde standpunt* wat die VGKSA handhaaf dat die sakramente net deur geordende bedienaars van die Woord bedien mag word binne 'n situasie waar as ***noodmaatreël aan regerende ouderlinge preekmag*** gegee is?

**Tabel 5.81:** *Menings oor sakramentsbediening slegs deur leraars*

| **MENING** | **LERAARS** | **OUDLE** |
|---|---|---|
| Ek stem saam met die VGKSA se amptelike standpunt | 8 | 5 |
| Ek verskil van die VGKSA se amptelike standpunt | 8 | 11 |
| **TOTAAL** | **16** | **16** |

**Opmerking**

Een van die respondente het opgemerk dat die laaste vraag 'n turksvy is. Die menings daaroor staaf dit ook, want dit was die vraag waarop die meeste verduidelik is om 'n mening te kwalifiseer.

Dertien respondente (8 leraars en 5 ouderlinge) stem saam met die VGKSA se amptelike standpunt dat ouderlinge preekmag het, maar die sakramente nie mag bedien nie. Een respondent (leraar) het opgemerk dat as ons eers ouderlinge toelaat om die sakramente te bedien, is dit klaarpraat met die VGKSA. Daarteenoor verskil 19 respondente (8 leraars en 11 ouderlinge) van die amptelike standpunt.

Die hou van opsig en tug oor die geestelike lewe in die gemeente hoort tot die eintlike dienswerk van die ouderling (Kleynhans 1984:69), maar in die NG Kerk kan 'n ouderling ook 'n erediens lei. Omdat ouderlinge nie vrye preke mag lewer nie, kan hulle 'n leesdiens waarneem (Kleynhans 1988:18). In die VGKSA is as noodmaatreël aan regerende ouderlinge vrye preekmag gegee, maar die sakraments-bediening bly die taak van geordende leraars. Oor hierdie kerklike praktyk in die VGKSA word die menings van respondente weergegee as motivering vir hul standpunte.

1. Motiverings van vier leraars wat die amptelike standpunt handhaaf:

***Respondent 1***

"Ek stem saam met die amptelike standpunt, maar sou ouderlinge toegelaat word om die sakramente te bedien, sal daar 'n vorm van begeleiding moet wees, soos bv. die konsulent of anders kan 'n situasie van chaos ontstaan."

***Respondent 2***

"In die VGKSA is die leraar oor die algemeen 'n simbool van sakramentsbediening. Ek gee toe dat in uitsonderlike gevalle 'n ouderling die

sakramente kan bedien, maar dan moet dit op aanbeveling van die kerkraad en goedkeuring van die ring wees."

***Respondent 3***

"For church members the sacraments have a very special meaning. When the sacraments are administered, church attendance improves in congregations as well as ward churches. The symbolism of the sacrament speaks louder than the spoken Word, for sacraments are rituals seen as a divine intervention that cannot be handled by hands that are tainted or not ordained. For this reason the gown is seen as a significant vestment."[16]

***Respondent 4***

"If the licensing of local church leaders is accepted, the problem of administering sacraments will be solved in small congregations. As a second possible solution to the problem certain elders should be allowed to administer the sacraments in small congregations as well as larger congregations with many ward churches.[17] The church council must apply to the Circuit for approval to ensure that this concession is used with discretion in an orderly manner."

2. Motiverings van agt leraars wat van die amptelike standpunt verskil:

***Respondent 1*** vra dat daar na dié kerklike praktyk deeglik gekyk word.

***Respondent 2*** verkies dat geordendes die sakramente bedien, maar die VGKSA sit in 'n unieke situasie waar aan ouderlinge preekmag gegee is

16. Die respondent vertel hoedat hy nagmaal in 'n wykskerk moes bedien wat 30 kilometer van die hoofkerk was. Hy het voor die tyd al sy goed bymekaar gesit. Toe die ouderling kom, vat hulle die grondpad na die wykskerk toe. 'n Paar kilometer van die wykskerk kom hy agter dat hy sy toga tuis vergeet het. Hy bel 'n ouderling by die wykskerk om te sê wat gebeur het. Kom die antwoord: "Ry terug en gaan haal jou toga. Ons sal geduldig vir jou wag."

17. Dit is moontlik dat 'n predikant in 'n groot plattelandse gemeente met baie wykskerke eintlik net 'n ***bedienaar van die sakramente*** word. 'n Ouderling uit so 'n gemeente het dié saak met 'n tikkie humor raak beskryf. Hy vertel by ons onlangse ringsitting dat die kerkraad baie bekommerd is oor hul predikant, want hulle vrees hy sit binnerkort met 'n drankprobleem omdat hy in die gemeente met die baie wykskerke net nagmaal bedien.

sonder dat hulle ook die sakramente kan bedien. Dié kerklike praktyk verhef eintlik die sakrament bo die Woordbediening. Dit is vreemd aan ons Gereformeerde tradisie. Waar omstandighede dit vereis, sou dit gepas wees om sekere toegewings te maak. Waar daar toegewings gemaak word, moet die betrokke kerkraad en ring ten nouste saamwerk, want die ring moet uiteindelik die toegewing kondoneer.

***Respondent 3*** bepleit opleiding van ouderlinge in die verstaan en bediening van die sakramente.

***Respondent 4*** vra vir die identifisering en opleiding van ouderlinge waarna hulle toegelaat word om die sakramente te bedien.

***Respondent 5*** meen dat net een ouderling op 'n keer per gemeente of wykskerk aangestel moet word.

***Respondent 6*** meen dat ouderlinge aangewys moet word om in spesiale omstandighede die sakramente te bedien, maar onder die toesig van 'n geordende leraar.

***Respondent 7*** bepleit ook die keuring van ouderlinge vir sakramentsbediening. Op aanbeveling van die betrokke kerkraad kan die ring vir spesifieke gemeentes of wys-kerke in groot gemeentes ouderlinge aanwys vir die bediening van die sakramente. Daar sal ook aandag gegee moet word aan korter en verstaanbaarder formuliere in die idioom van ons dag vir algemene gebruik in die VGKSA se eredienste.

***Respondent 8*** sê die kanse om dwaalleer te verkondig is groter deur aan ouderlinge preekmag te gee as om hulle toe te laat om die sakramente te bedien, want die sakramente het uitgewerkte formuliere wat teologies gefundeerd is. Slegs gekeurde ouderlinge moet toegelaat word om die sakramente te bedien.

3. Motivering van drie ouderlinge wat die amptelike standpunt handhaaf:

***Respondent 1*** se standpunt was tot die punt: “Die Kerkorde sê so.”

***Respondent 2*** meen ouderlinge moet in uitsonderlike gevalle toegelaat word om die sakramente te bedien, mits hulle daarvoor toegerus en opgelei word. ***Respondent 3*** meen daar is uitsonderings en bepaalde omstandighede waar ouderlinge toegelaat moet word om die sakramente te bedien in gemeentes sonder 'n eie leraar, of waar leraars ver van gemeentes is.

4. Motiverings van vier ouderlinge wat van die amptelike standpunt verskil:

Vir ***respondent 1*** word die sakrament bo die Woord gestel.
***Respondent 2*** sien die amptelike standpunt as onlogies, want dit is ondenkbaar dat daar binne die Gereformeerde tradisie 'n situasie kan wees dat sakramentsbediening bo die prediking as Woordbediening gestel kan word. Dit is bloot deur kondisionering dat hierdie onlogiese standpunt in die VGKSA 'n vaste vorm gekry het.
***Respondent 3*** bepleit dat ouderlinge geleer word om te preek en wat die betekenis van die sakramente is.
***Respondent 4*** wys ook daarop dat die gevaar van dwaalleer groter is by Woordverkondiging as by die bediening van die sakramente. By prediking word ouderlinge op hul eie sonder opleiding in gemeentes losgelaat, maar vir die bediening van die sakramente is daar formuliere wat lank reeds bestaan.

## 5.5 KONKLUSIE

Die empiriese ondersoek wat oor die tydperk 1 - 29 September 2004 gedoen is, het die volgende aspekte benadruk:

1. Alle respondente het die belangrike rol van die ouderling in die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal bevestig.
2. Die gewilligheid van ouderlinge om in die afwesigheid van leraars pastoraal betrokke

in gemeentes te wees, staan vir die VGKSA as 'n winspunt uit.

3. By alle respondente is daar die noodroep vir die opleiding van ouderlinge sodat hulle in die gemeentes beter kan funksioneer as hulp vir die leraars.

4. Binne die sinodale gebied van Noord-Transvaal (VGKSA) is daar by sommige gemeentes die vroeë botsels dat elemente van die liggaamsmodel ingesluit word in die oorwegende herder-kuddemodel van gemeente-inrigting.

5. Vir leraars en ouderlinge is dit 'n bron van kommer dat 48 gemeentes in die gebiedsinode sonder 'n eie leraar is. Dit is 'n saak wat die kerkleiding se dringende aandag vra.

6. Onder bykans alle respondente konstrueer die 23 klein landelike gemeentes wat sonder eie leraars is 'n ernstige probleem. Insgelyks word wykskerke in groot landelike gemeentes oor dieselfde kam geskeer, omdat hulle met soortgelyke probleme worstel as die outonome 23 klein gemeentes wat die basis van hierdie ondersoek vorm.

7. Alle respondente was dit eens dat 'n gemeente 'n pastor nodig het.

8. Onder die respondente is die mening oorweldigend dat daar vanuit die eie konteks opnuut na die Pauliniese tentmakermodel gekyk moet word as moontlike en werkbare oplossing vir herderlose klein gemeentes op die platteland binne die sinodale gebied. Uiteraard sluit dit ook die *wykskerke* van groot landelike gemeentes in.

9. Alle respondente is dit eens dat geïdentifiseerde plaaslike kerkleiers voor toelating as leraars van klein gemeentes of wykskerke eers deeglike opleiding moet kry. Bykans alle respondente meen dat die manier van opleiding 'n kombinasie moet wees van *indiensopleiding*, *afstandsonderrig* as ook *blok-bywoning*. Dit moet geskied met inagneming dat hierdie persone alreeds in gemeentes gevestig is en oor eie inkomstebronne beskik.

10. Die VGKSA sal ook indringend moet kyk na die huidige Bepaling 52, want dié kerklike praktyk as erfstuk van die VGKSA se gereformeerde erfenis blyk in stryd te wees met die gangbare Afrika-opvatting oor leierskap.

11. Waar die VGKSA as noodmaatreël binne 'n bepaalde konteks aan regerende ouderlinge *preekmag* gegee het, sal die Kerk ernstig moet besin oor sakramentsbediening deur ouderlinge onder bepaalde voorwaardes. As ons die status

quo hieroor handhaaf dat net geordende leraars die sakramente mag bedien, sal dit binne die konteks van klein landelike gemeentes en groter gemeentes met uitgestrekte wykskerke die leraarsamp verskraal tot *bedienaar van die sakrament*.

12. Uit die ondersoek blyk dit dat daar ‘n groot behoefte is aan die opleiding van ouderlinge om uiteindelik onder bepaalde voor-waardes leraars van klein plattelandse gemeentes, of leraars van wykskerke in groot gemeentes op die platteland te word. Dit sal goed wees as die VGKSA hiervoor iets soortgelyk as die *Ikhwezi Theological Seminary* van die sinode van KwaZulu-Natal (VGKSA), of die Nehemia Bybelinstituut (NBI) tot stand kan bring.

Hoofstuk 6 is my aanbieding van ‘n praktykteorie vir leierskap-ontwikkeling in klein landelike gemeentes van die VGKSA vir die sinode van Noord-Transvaal.